# Goeie Gewoontes

## Tessalonisense



Louis Nel

# Goeie Gewoontes

## Oordenkinge oor 1 en 2 Tessalonisense

Louis Nel

Oktober 2023

Mosbolletjie Boeke

# Inhoud

**Deel 1: 1 Tessalonisense**


1 Goeie Gewoontes
2 Vriende deur Dik en Dun
3 Die Uitverkiesing
4 Uitverkies, maar Wat Nou?
5 Paulus se Beleidsverklaring
6 Jode en Nuwe Gelowiges
7 Verlange
8 Teëspoed is Loutering
9 Gloeiende Kole
10 Leef Rein
11 Ware Broederliefde
12 Lewe na die Dood
13 Jesus Kom Weer
14 Blydskap en Dankbaarheid
15 'n Jubeling in die Hart

## Deel 2: 2 Tessalonisense


16 Die Soet en Suur van Evangeliebediening

17 Vrede vir Jou

18 'n Kersie in die Donker

19 Beloftes van Reën

20 Die Antichris

21 Dankie dat jy Deel is

22 Harde Werk en leeglêers

# 1

# Goeie Gewoontes

## 1 Tessalonisense Inleiding

**VIDEO | OUDIO**

Jare gelede het ons 'n boshuisie in die Laeveld in Marloth Park gehad. Een aand sit ek en Mosbolletjie op ons stoep. Die nag is pik-pik-donker, en so sit ons en gesels en luister na die boskonsert met net ‘n ou kersie vir troos. Leeu laat die baskitaar se snare “oemf-oemf-oemf” dreun-sing. Olifant kielie die trompet vrolik terwyl sy maters in die Krokodilrivier rondplas en al die groot akkedisse die skrik op die lyf jaag. Naguiltjie speel op kristalhelder klein klokkies en Seekoeibul slaan die basdrom. Sy ou vrou lag vulgêr diep uit haar maag van pure lekkerkry.

Ons tweetjies voel half kriewelrig in die donkerte en kort-kort swaai ek die flitslig deur die bome, net om dóódseker te maak.….!

Skielik is daar ‘n helderblink oog hoog bo in ‘n doringboom op die verste punt van die erf. My hart mis 'n slag van opgewondenheid. “Kameelperd” besluit ons. Skielik “spring” die oog tot amper onder op die grond. “Wat sal ‘n kameelperd nou op die grond loop soek?” wonder ek verbaas. Maar dan tel hy blitsvinnig weer sy kop op en sy oog vlieg terug boontoe! Ek probeer die kameelperd sien, maar die boom se takke is te dig. Met groot belangstelling volg ons die oog soos hy kruis en dwars deur die takke van die doringboom vlieg. Eers as Mosbolletjie die ou groot kollig uithaal, sien ons dat daardie “kameelperd” eintlik ‘n piepklein nagapie is! Ons héél eerste ontmoeting met ‘n nagapie!

Soos wat die dae, oftewel nagte vorder, begin hy ons gewoond raak en waag dit al nader en nader. Later bring hy selfs sy maatjie saam om ons saans te kom vermaak by ons braaivleisvuurtjie.

Uiteindelik, na etlike jare het hulle so gewoond geraak aan ons dat hulle dit ‘n gewoonte gemaak het om saans tot op die

stoep te kom om die goggas by die stoeplig te vang. En as daar dan nou toevallig ‘n piesang rondgelê het, dan het hulle op en af gespring van opgewondenheid. Elke besoeker aan ons boshuisie het opgewonde gebabbel oor die skatlike ou nagapies wat hulle saans soveel plesier kom gee het!

As jy eers ‘n gewoonte aangeleer het, raak jy nie maklik daarvan ontslae nie! Ek skud my kop as ek die manne en vroue gadeslaan wat soggens vroeg onverpoosd straat-op en straat-af draf. Raak hulle nooit moeg nie? Vir my is dit die grootste straf om te gaan draf, maar vir hulle is dit tweede natuur. Vra egter maar vir enige drawwer, en hy sal jou sê dat dit nie sommer so vanself gekom het nie. Dit het maande en jare van toegewyde selfdissipline gekos om hierdie gewoonte aan te leer. Presies só werk dit met jou geloofslewe, veral wanneer dit kom by die praktiese uitleef daarvan. Dit gebeur nie oornag dat jy ‘n toegewyde gelowige word wat getrou is in elke opsig nie. Dit kos gewoonlik baie jare van harde werk en

selfdissipline.

Die Tessalonisense-briewe is geskryf deur die groot sendeling, Paulus aan ‘n baie jong gemeente. (Moontlik Paulus se heel eerste brief.) Tessalonika het maar ‘n kort rukkie voordat hierdie brief geskryf is vir die eerste keer die Evangelie gehoor, en die gemeente staan toe nog letterlik in hulle babaskoene. Vir hulle was dit natuurlik ‘n geweldige groot aanpassing want nou moes hulle ‘n totale nuwe denk- en leefstyl aanleer. Ons moet onthou dat hierdie mense heidene was wat allerhande afgode aanbid het en nou skielik Christene geword het. Dis nie maklik om al die ou slegte gewoontes af te leer nie! Daar was nog nie werklik ‘n stelsel in hulle Godsdiens nie, en ek is seker dat hulle dikwels moedeloos geraak het. Dalk het hulle soms gedink dat hulle dit nooit as te nimmer sou regkry nie! Paulus bemoedig hulle dus in hierdie brief deur ‘n groot deel daarvan daaraan te wy om hulle te laat verstaan hoe goed dit eintlik met hulle as splinternuwe Christene gaan!

Paulus weet egter maar ál te goed dat hulle geloof nie maar net op daardie vlak gelos kan word nie en dat dit aanvulling nodig het. Hulle moet begin leer van die dinge wat saakmaak in die geloof. Boonop is daar natuurlik ook kwelvrae wat hy moet antwoord, soos wat die lot is van mense wat sterf voor Jesus se wederkoms. Hulle sukkel om hulle geloof te bely en prakties toe te pas in die daaglikse lewe. Hulle moet herinner word aan die dinge wat Paulus hulle geleer het in die kort tydjie wat hy daar was, en hulle moet weet dat hierdie nuwe leefstyl baie inspanning verg. Jy sal natuurlik onthou dat Paulus net ‘n kort tydjie in Tessalonika kon deurbring, en dat hy sy bediening daar inderhaas moes kortknip en vlug vir sy lewe. Dus kon hy nie hierdie dinge vir hulle behoorlik inskerp nie.

Hierdie brief is vandag steeds uiters relevant. Talle gelowiges sit met presies dieselfde probleme as die gelowiges van Tessalonika. Oor die jare het ek talle mense raakgeloop wat net eenvoudig nie die basiese dinge van

die geloof kan regkry nie, dikwels eenvoudige dinge soos gebed en geloofsekerheid. Die “ou” gelowiges kan maar net glimlag daaroor want meeste van ons het dieselfde paadjie gestap! Deur aan te hou en met die krag van die Heilige Gees, oorwin jy hierdie dinge. Dit kos oefening en deursettingsvermoë. En natuurlik baie harde werk! ‘n Gesonde, gevestigde geloofslewe kom beslis nie maklik nie. Hou dus moed!

Gebed:

Here, ek wil vanoggend elke jong gelowige wat hierdie boodskap lees aan U opdra. Neem hulle aan die hand sodat hulle groot bome in die geloof kan word!

# 2

# Vriende deur Dik en Dun

## 1 Tessalonisense 1:1

**VIDEO | OUDIO**

Dit was vroeg in die somer van die jaar 50nC. toe Paulus en Silas, vergesel van die jong kêrel, Timoteus in die Griekse hawestad Tessalonika, die hoofstad van Masedonië aankom. Dit was ‘n besige handelsentrum op die 7 000 km lange Syroete, die hoofroete tussen Rome en Ooste. Hulle doel was baie eenvoudig: soveel mense moontlik in die stad moes die verlossingsboodskap van Jesus hoor en aanneem. Sy strategie was om eers die Jode te bearbei want hulle het alreeds 'n agtergrond oor God gehad. Aangesien Paulus ‘n gerespekteerde Fariseër en leermeester was, kon hulle toegang tot die plaaslike sinagoge kry en daar preek vir drie weke. Dit het goed gegaan en ‘n paar Jode kom selfs tot bekering! Maar dit was eintlik die Grieke en

veral ‘n klomp vooraanstaande Griekse vrouens wat aan hierdie sendelinge se lippe gehang het!

Toe die Jode sien hoe die Grieke reageer, het hulle afgunstig geraak en ‘n slinkse plan beraam om van Paulus ontslae te raak. Hulle het ‘n paar leeglêers omgekoop om ‘n opstand te bewerkstellig. Skaars drie weke na hulle aankoms moes Paulus en sy geselskap vlug vir hulle lewens!

Timoteus en Silas het in die omgewing by Berea agtergebly terwyl Paulus verder na die stad Atene gegaan het. Maar die bloedjong gemeentetjie van Tessalonika het maar deurentyd in sy gedagtes gebly. Sou hulle geloof staande kon bly? Van Atene gaan hy na Korinte waar hy ‘n brief skryf aan die gemeente in Tessalonika. Hy wou nie hê dat hierdie gemeentetjie sommer moes verdwyn en dat die waarhede wat hy hulle geleer het, vergete sou gaan nie! Dis baie merkwaardig dat ‘n jong gemeente, wat net uit jong gelowiges bestaan en slegs vir 3 weke geestelike leiding ontvang het, bly

voortbestaan en selfs floreer!

Paulus besluit om vir Timoteus na Tessalonika te stuur met sy brief. Liewe Timoteus, half Joods, half Grieks, maar ‘n wonderlike toegewyde gelowige en vriend! Natuurlik sou Timoteus, soos gewoonlik nie skroom om terug te gaan na daardie vyandige stad nie. Inderdaad was Timoteus se lewe nie sonder uitdagings nie. Omdat sy pa ‘n Griek was, was Timoteus natuurlik nooit besny soos die ander klein Joodjies nie. Paulus het moeilikheid sien kom, want onbesnede kon hy Timoteus nooit in ‘n sinagoge invat nie, en die arme Timoteus moes toe mooitjies maar op sy tande byt terwyl Paulus die pynlike operasietjie uitvoer in sy tuisdorp, Listra. Maar daarna was Timoteus gereed om enige sinagoge aan te durf! ‘n Paar jaar later sou Paulus nog vir Timoteus na Efese stuur om te dien as herder van daardie gemeente.

Paulus het baie lief geword vir die mense van Tessalonika! Hy begin sy brief skryf namens hom en sy twee kollegas: **“Paulus en**

**Silvanus en Timoteus, aan die gemeente van Tessalonika in God, ons Vader, en die Here Jesus Christus: Genade vir julle en vrede van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus.”**

Paulus se gedagtes dwaal: Hoeveel het hy en sy twee metgeselle nie al deurgemaak nie! Saam kon hulle ‘n bruisende bediening tot stand bring in verskeie stede. Natuurlik was dit slegs moontlik deur die wonderlike krag wat die Heilige Gees hulle gegee het! Maar saam moes hulle ook al ‘n paar keer vlug vir hulle lewens, veral wanneer die Jode hulle sin gekry het! En dan was daar die keer toe Silas saam met hom opgesluit was in die kerker. Hy onthou nog hoe seer hulle lywe was nadat hulle gegésel was, en hoe hulle daar in Filippi se tronk vasgeketting was. Toe hulle nie kon lê van die rou sere aan hulle lywe nie, het hulle maar begin sing. Dit het immers die pyn verdryf. Later het hulle twee se vrolike lofliedere dwarsdeur die skrikwekkende nag weergalm deur die hele tronk. En toe, die asemrowende wonderwerk

toe ‘n engel hulle kom bevry het. Hy het die kettings gebreek en die tronkdeure oopgegooi. Paulus glimlag as hy dink aan die tronkbewaarder se vreesbevange gesig. Ware staatmakers, Silas en Timoteus!

Natuurlik kom Silas al ‘n baie lang pad saam met Paulus. Selfs nog voor die eerste sendingreis plaasgevind het, het die ringkoppe in Jerusalem vir Silas saam met Paulus en Barnabas na Antiogië gestuur om dinge daar te gaan uitsorteer.

Ware vriende, wat bereid is om saam met jou te staan deur dik en dun, is goud werd! Dit is hemels om te weet dat daar iemand is wat sy lewe vir jou sal opoffer, en enigiets vir jou sal doen – onselfsugtig! Die vraag is egter of ek en jy bereid is om dieselfde vir iemand anders te doen. Dit gaan nie in die lewe oor die goeie vriende wat jy het nie, maar of jy sélf ‘n goeie vriend vir iemand is. Jesus het vir ons die voorbeeld gestel van wat ‘n goeie vriend behoort te doen. Hy het absoluut alles in die lewe opgeoffer om die evangelieboodskap tot stand te bring. Hy

was bereid om reuse skares mense te trotseer om mense gesond te maak, kos te gee, te leer. Vir Sy twaalftal binnekring-manne het Hy Hom afgesloof, om hulle te leer en op te lei vir hulle groot lewenstaak. Toe Sy intieme vriende Hom verlaat, weggehardloop en selfs verloën het, het Hy steeds Sy liefde vir hulle behou. Hy het verder gegaan en Sy lewe op die grusaamste moontlike wyse gegee sodat hulle kon lewe. Wat doen ek en jy?

Gebed:

Here, dankie vir wonderlike vriende deur my lewe, maar veral dankie vir wat U vir my gedoen het. Here, maak my asseblief ‘n goeie vriend!

# 3

# Die Uitverkiesing

## 1 Tessalonisense 1:2-10

**VIDEO | OUDIO**

Paulus begin sy brief aan die bloedjong gemeentetjie in Tessalonika deur hulle te verseker dat hy gedurig vir hulle bid en dat hy baie dankbaar is vir hulle. Hulle is vir hom kosbaar, want hy sien hier 'n groep mense wat ywerig aan die werk is in die Koninkryk van God. Hulle leef hulle liefde aktief uit en hulle geloof staan sterk.

Kan dit van my en jou gesê word? Hoe wonderlik om só 'n getuienis te hoor, veral van 'n gemeente wat nog maar in hulle geloofs-babaskoene staan!

Paulus gaan voort en hy verséker hulle dat hulle uitverkies is. As ons die woord “uitverkiesing” hoor, dan voel dit vir baie gelowiges asof jy teen ‘n geloofsmuur vasloop. “God is onregverdig,” het ek al vele

mense, selfs gelowiges hoor sê. “Hoe kan God dan party mense uitverkies om die ewige lewe te hê, en ander verwerp Hy?” God se liefde word dan bevraagteken want dit is mos nie liefde om iemand te verwerp nie? Die hele gedagte van die uitverkiesing is vir baie mense ‘n reuse struikelblok en selfs gelowiges worstel hiermee. Ek het al verskeie kere gelowiges die vraag hoor vra: “Hoe kan ek seker wees dat ek werklik uitverkies is?” Kom ons probeer om ‘n paar antwoorde te vind.

Wat word bedoel met die woord “uitverkiesing”?

Dit kan verwys na God se keuse om ‘n persoon te kies om ‘n bepaalde taak uit te voer. Ons skrifgedeelte verwys egter na God se soewereine keuse om iemand te kies om Sy eiendom of Sy kind te wees. Natuurlik gebeur dit alles volgens God se ewige raadsplan. Lees gerus maar daarvan in Efesiërs 1:11. Op grond van hierdie *liefdevolle* raadsplan red Hy mense van Sy keuse en maak hulle só Sy kinders (Efes. 1:4

en 5). Die hele uitverkiesingsgedagte spreek, nie van onregverdigheid nie, maar juis van God se onverklaarbare liefde en genade. God het geen behae daarin dat iemand verlore gaan nie, maar Hy wil dat almal gered word.

Die tweede vraag is of dit dan nie dalk onregverdig is van God om slegs sekere mense uit te kies nie?

Die antwoord is ‘n baie besliste “NEE!” Dit is nou maar eenmaal so dat mense van nature sleg is, en God se vyande is. Romeine 3:23 sê dit tog so duidelik: “Almal het gesondig en is ver van God af.” Romeine 6:23 gaan ’n stap verder en vertel wat so ’n mens se voorland is: “Die loon wat die sonde gee is die dood.” En dit is nie sommer net om te sterf nie, maar die ewige straf waarvan hier gepraat word. Is dit dan onregverdig as God iemand wat in sonde leef en die doodstraf moet kry, genadig is?

Kom ons stel ‘n situasie: jy stap in ‘n kamer vol slegte mense in en hulle begin jou koggel

en vloek en met klippe gooi en jou uitjaag. Dink jy dat dit regverdig van jou sou wees om een van hulle uit te kies, aan die hand te vat en hom uit daardie bose plek uit te lei? Jou idee is mos om hom maniere te leer, te versorg en ‘n beter mens van hom te maak. Natuurlik sou dit nie onregverdig wees nie! En is jy dan onregverdig teenoor die ander, omdat jy nie ook dieselfde met hulle almal gedoen het nie? Beslis nie, want hulle wou in elk geval nie saam met jou kom nie!

Presies so is die mens teenoor God. Hulle wil in elk geval niks met Hom te doen hê nie. En as daar dan iemand is wat nie uitverkies word nie, is dit baie beslis nie onregverdig nie. As Hy dus iemand uitkies om Sy kind te wees, is dit suiwer genade en onverstaanbare liefde. Die uitverkiesing vind in Christus plaas en die Heilige Gees “sonder ons“ vir God af. Dit koppel die werk van Christus (Hy het die prys betaal) en die werk van die Gees (Hy leions tot geloof) aan ons uitverkiesing.

Hoe weet ek of ek uitverkies is?

As jy hierdie dagstukkie lees of na die opname luister, is dit al genoeg rede om te glo dat jy wél uitverkies is. God se roepstem gaan na almal toe uit. Sy liefde is so onmeetbaar groot, dat Hy nie wil hê dat 'n enkele mens verlore gaan nie. Die vraag is egter of ek antwoord op daardie roepstem van God. "Ek staan by die deur en Ek klop," smeek Jesus. As iemand aan jou voordeur klop, is hy nie daar om dowe neute nie. Hy wil graag hê dat jy oopmaak. Jesus klop ook op verskeie maniere, moontlik vanoggend deur hierdie dagstukkie. Dalk klop Hy deur iemand wat met jou oor Jesus kom praat. Sy grootste begeerte is dat jy vir Hom sal oopmaak. Dit is jou eie keuse of jy gaan oopmaak of nie.

Sien, die uitverkiesing het twee kante: God s'n en joune. In Romeine 5:8 skryf Paulus: "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was." Maar jy moet glo! 1 Joh 5:12 sê: "Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die

ewige lewe nie.” Hy wil baie graag hê dat almal in Hom sal glo. Maar nie almal wil glo nie. God kies jou uit en bied aan jou die asemrowende geskenk van die ewige lewe. Dit is dan vir jou sélf om te besluit of jy daardie geskenk gaan aanvaar of nie. Dit is net ‘n eenvoudige “Ja” of “Nee”.

Môre kyk ons DV verder na nóg interessante vrae oor die uitverkiesing.

Gebed:

Dankie dat U my uitgekies het Here, en dat U genade ook oor my kon spoel!

# 4

# Uitverkies, maar wat nou?

## 1 Tessalonisense 1:2-10

**VIDEO | OUDIO**

Gister het ons na drie vrae gekyk wat handel oor die uitverkiesing. Op die eerste vraag, oor wat die uitverkiesing beteken, het ons gesê dat dit God se soewereine keuse is om ‘n persoon te kies om Sy eiendom te word. Die tweede vraag was of dit regverdig van God is om sekere mense uit te kies en ander nie? En dan sien ons duidelik dat daar niks onregverdig aan God se keuse is nie. Die derde vraag was, hoe ek weet of ek uitverkies is? Ons het geleer dat God nie wil hê dat enigeen verlore gaan nie, maar dat mense ‘n keuse het om God te volg of nie.

Vanoggend kom ons dan by die vierde vraag, en dit is: “**Wat moet ek doen as ek uitverkies is?**” Wanneer ek die dag God se roepstem herken en “Ja” daarop antwoord, dan beteken dit nie dat ek nou maar kan

gaan terugsit en God se genade oor my laat spoel nie. Dit beteken dat ek my moet gereed maak vir die ewige lewe, want dit is ‘n lewe wat ’n ewigheid duur saam met God.

Ons weet dat God absoluut heilig is en daarom sal dit bitter onvanpas wees om vuil en totaal besmet saam met Hom te wil leef. As ek byvoorbeeld sou besluit om baie barmhartig te wees, en ek gaan haal ‘n vuil boemelaar en bied aan dat hy by my kan kom intrek en die huis met my deel, dan gaan daar sekere implikasies wees. In die eerste plek is die man vuil, selfs dalk nog vol luise ook! Hy het maande laas sy lyf in water gehad en hy weet nie eers wat die doel van ‘n koekie seep is nie. Tandepasta is beslis nie op sy inkopielys nie! Ek gaan dit nie lank met so ‘n “geurige” man in die huis uithou nie. Die eenvoudige antwoord is dat hy skoon kom en van sy slegte asem ontslae raak. En slegs een keer se skoonraak is nie die antwoord nie. Hy moet elke dag skoon kom, anders is daar netnou weer ‘n klankie!

Dit is om presies dieselfde rede niks minder

as reg nie, vir die gelowige om te probeer skoon kom van sonde en om op hierdie manier leef soos God van jou vra. As ek in God se teenwoordigheid wil leef, moet die vuil van my sonde dus weggespoel word. Maar presies nes met die boemelaar, is dit nie ’n eenmalige ding nie. Dit is ’n deurlopende proses, waar ek elke dag my lewe in die spieël van God se Woord bekyk, en skoonmaak wat vuil is. Die wonderlike is dat Hy my ál die hulp daarmee gee wat ek nodig het. Die Heilige Gees is altyd daar om my te lei. As ek bereid is om my geloofs-ore vir die Gees oop te maak en my hart ontvanklik te maak vir wat Hy vir my sê deur die Woord en deur mede-gelowiges, dan sal Hy my lei op ‘n pad waar ek ‘n lewe kan lei wat aanneemlik is vir God.

Paulus sê dat ‘n mens iemand wat uitverkies is kan uitken in die dinge wat hy doen, want die leiding van die Heilige Gees maak jou anders. In die eerste plek word dit duidelik in die blote feit dat jy die Evangelie gehoor en aanvaar het. In kort: as jy op Jesus se

roepstem geantwoord het, is jy uitverkies!

Die tweede faset van ‘n persoon wat uitverkies is se lewe, is dat jou geloof in aksie oorgaan. Dit word inderdaad sigbaar in die dinge wat jy doen. Kortliks beteken dit dat jy aktief Jesus se liefde uitleef, nie alleen met woorde nie maar ook met jou dade. Natuurlik leef jy jou liefde uit op twee vlakke, horisontaal na jou medemens maar nóg belangriker, op 'n vertikale vlak na God.

Die feit is dat hoe harder jy werk op die liefdesveld, hoe sterker word jou geloof. Jou liefde word dan as’t ware die bewys dat God jou uitverkies het. Let wel, dat jy nie hoef te werk om uitverkies te word nie, dít gee God gratis. Jy werk wél **OMDAT** jy alreeds uitverkies is uit dankbaarheid vir hierdie genade wat God **ALREEDS** aan jou bewys het!

Onthou dat hierdie uitleef van liefde en die mooi dade en alles wat daarmee gepaard gaan, nie om jou eie ontwil is nie. Alles gaan oor God alleen. En deel daarvan is om

terselfdertyd ook tot voorbeeld te dien vir ander mense, om hulle ook te inspireer tot geloof en om God te dien. Paulus skryf vir die gemeente in Tessalonika: “**So het julle 'n voorbeeld geword vir al die gelowiges in Masedonië en in Agaje.**” (1:7) Hulle lewe was só ‘n inspirasie vir die mense van Masedonië en Agaje, dat Paulus nie eers nodig gehad het om daar te gaan preek nie.

Die derde faset wat Paulus noem is “**volharding (standvastigheid) van julle hoop**” (1:3). Om op die Here te hoop, beteken dat jy wéét Hy sál waar maak wat Hy belowe het. Jy volhard in hierdie hoop as jy met jou lewe wys dat jy God op sy Woord neem.

Ten slotte: Ek het al gehoor hoedat iemand vir ‘n weerbarstige ongelowige sê dat hy glo dat daardie persoon nie uitverkies is nie. Onthou die moordenaar langs Jesus aan die kruis! Wie is ek of jy om te oordeel? Behandel elke mens, hoe onverskillig hy ookal mag lewe, asof hy uitverkies is. As God my kon kies, dan kan Hy enigeen uitkies!

Gebed:

Dankie Here, dat ek vandag verséker kan weet dat ek uitgekies is. Leer my om ‘n heilige lewe te leef tot U eer, en sodat ek daarmee ook ander mense kan inspireer om Ja te sê vir Jesus!

# 5

## Paulus se Beleidsverklaring

## 1 Tessalonisense 2:1-12

**VIDEO | OUDIO**

Iemand wat besluit om die Woord van God uit te dra en te verkondig, moet uiters versigtig wees dat sy motiewe 100% suiwer is en dat hy met groot omsigtigheid die taak verrig. Dit mag nooit oor eie gewin gaan nie, of om ‘n naam vir jouself te maak nie. Dit is veral die hoë bome, die seders van die lewe wat moet oppas dat die roem wat hulle te beurt val, nie die oorhand kry nie. Maar ook die gewone gelowige wat op “klein skaal” in die Koninkryk werk, moet ewe versigtig wees.

Paulus is waarskynlik daarvan beskuldig dat sy reuse suksesse op die sendingveld na sy kop gegaan het en dat hy hom opgehou het met vleitaal. Nog erger, dat hy eintlik net wou geldmaak uit sy bediening. Dit kan moontlik die rede wees vir sy “beleidsverklaring” in

hierdie paragraaf. Hier verduidelik hy omslagtig hoe hy sy bedieningsveld benader. Hy doen dit nie om ‘n skinderveldtog te probeer afweer nie, maar eerder om vir die gemeente te verduidelik waaroor sy werk nou éintlik gaan.

Ten spyte van die feit dat Paulus en sy geselskap uit Tessalonika moes vlug voor ‘n woedende skare, was hulle bediening tóg suksesvol. ‘n Mens laat al te maklik toe dat ‘n enkele ou insidentjie jou onderkry. ‘n Paar jaar gelede het iemand my lelik uitgevloek oor ek dit durf waag het om vir hom die evangelieboodskap te stuur. Vir dae het ek met ‘n sieklike knop op my maag geloop, en bitterlik jammer vir myself gevoel oor die onreg wat ek aangedoen is. Ek het selfs skuldig gevoel! My bediening het daaronder gely. Later het ek egter besef dat sulke dinge maar gebeur. Dit is net een van die dinge wat jy moet verwag as jy ernstig is oor die Evangelie. Later, toe iets soortgelyks gebeur, het ek eintlik bitter jammer gevoel vir die man wat Jesus verwerp het. Toe Paulus uit die

stad gejaag is, het hy nie gekyk na die onreg of teleurstelling nie maar na die reuse sukses wat behaal is onder die gelowiges wat oorgebly het. Moenie dat ‘n paar struikelblokke in jou pad jou bediening verongeluk nie! Die Here sal jou die krag gee om voort te gaan ten spyte van enige soort teëkanting.

Paulus verduidelik wat sy bediening is en **NIE** is nie. Die doel is nie bewondering vir Paulus nie, maar om te dien as voorbeeld vir elke gelowige wat erns wil maak met sy roeping. Drie dinge noem Paulus waarvan jy **NIE** sy bediening kon beskuldig nie: beslis nie ‘n dwaling of om mense om die bos te lei met die heuningkwas of vleitaal nie. Mooipraatjies bring jou nêrens! Tweedens was daar géén onsuiwere beweegredes vir sy bediening nie. Finansiële gewin of hebsug was nooit ter sprake nie. Soms wonder jy oor sommige groot evangeliste wat in reuse paleise woon. Is hulle motiewe werklik suiwer? Aan die ander kant het ek al verskeie briljante mense teëgekom wat absoluut alles

in die lewe opgegee het om die armstes van die armes te bedien. Derdens is Paulus se bediening sonder enige bybedoelings. Nooit het hy enigiets gesê of gedoen om eer te kry nie.

Wat het Paulus se bediening dan wél behels? Weereens noem hy drie dinge, en hy vergelyk dit met die eienskappe van ‘n babatjie, ‘n ma en ‘n pa.

Eerstens, soos wat 'n babatjie absoluut geen pretensies het nie, sonder ’n sweempie verwaandheid, enige bybedoelings en allerhande truuks om mense se lof in te oes, so was Paulus en sy medewerkers se bedoelings absoluut suiwer. Ons moenie God se opdragte probeer uitvoer met allerhande foefies om mense te beïndruk nie! Moenie iemand probeer bluf nie! Soos ‘n babatjie moet jy wys presies wat jy voel en bedoel.

Die tweede eienskap van sy bediening vergelyk Paulus met ‘n ma, wat nie alleen haar melk vir haar baba gee nie maar verder bereid is om haarsélf vir hom te gee. Op

dieselfde wyse was Paulus-hulle bereid om die Evangelie sonder enige finansiële gewin vir die gelowiges te gee. Nog veel meer: hulle was bereid om hulle lewens op te offer om die Evangelie vir die mense te bring. Paulus onthou nog baie goed hoedat hy en Silas daar in Filippi verneder was, gegésel en in die kerker vasgeketting was! Boonop het hulle nooit enige geld gevra vir hulle bediening nie, maar hulle het vir hulleself gesorg en nooit toegelaat dat iemand hulle onderhou nie. Inderdaad moet ek bereid wees om soos ‘n ma myself te gee, op te offer in my dienswerk vir God.

Derdens sê Paulus dat hy soos ‘n pa opgetree het. ‘n Pa wat nie die heuningkwas gebruik en vir sy kinders vertel dat hulle oulik is wanneer hulle dit nié is nie. Hy het egter elkeen indiwidueel bemoedig, aangespoor en dit op die hart gedruk om hulle lewens volgens God se wil in te rig. Hiermee vra Paulus vandag van my en jou om die goedkoop heuningkwas weg te gooi en eerlik en reguit met mense te wees. Soos ‘n pa

moet jy bereid wees om iemand liefdevol op die regte pad te begelei as hy verkeerd is, maar terselfdertyd die nodige aansporing en motivering te gee om te lewe tot eer van God.

Gebed:

Here, leer my om ook soos Paulus onbevrees en sonder enige pretensies die Evangelie uit te dra!

# 6

# Jode en Nuwe Gelowiges

# 1 Tessalonisense 2:13-16

**VIDEO | OUDIO**

Die Jode is seker die mees weerbarstige klomp mense wat die geskiedenis van die wêreld óóit opgelewer het. Wanneer jy deur die Ou Testament blaai, sien jy kort-kort hoedat hulle die spoor totaal byster raak. Jaco Thom het 'n boek geskryf: "Die Bybel Roman" waarin hy die hele geskiedenis van die Bybel, van Adam tot Paulus, in storievorm vertel. Alhoewel dit deels fiksie is omdat hy soms fiktiewe karakters moes skep om te vertel hoe hy dink dat die gebeure dalk kon plaasgevind het, is dit nogtans feitelik korrek, en dit maak jou oë oop. Jy kry 'n goeie indruk van hoe die Israeliete hulle Godsdiens beleef het, en gedurigdeur agter afgode aangedrentel het. Aan die ander kant vertel hierdie boek ook van 'n uiters genadige en geduldige God wat maar net weer en weer

vergewe en die volk uit die as optel en herstel. Dit is veral deur die tydperk van die rigters en konings waar die volk so dikwels in afgodery verval het! Natuurlik het dit ‘n absolute hoogtepunt, of dalk eerder laagtepunt bereik onder die regering van die bose Agab en Isébel.

Wanneer die Nuwe Testamentiese tydperk aanbreek is dit weer van een ekstreem na die ander wanneer die volk ‘n hiper-Godsdienstige tyd beleef onder leiding van die wets-mal Fariseërs wat elke faset van die lewe op wette en nogmaals wette baseer en uitleef. Só erg was hulle verdiep in hulle wetsnakomingsrituele dat hulle gladnie die Messias herken het waarvan hulle in die Skrifte geleer en gedroom het nie! Toe Hy God se liefde uitleef het hulle Hom as wetteloos beskou en doodgemaak. Hulle het die navolgers van Jesus met wortel en tak probeer uitroei, en die arme Paulus moes telkemale vlug vir sy lewe om uit die kloue van hierdie fanatiese klomp Jode te bly. Die ironie van die saak is, dat Paulus sélf ‘n

Fariseër was en sélf aan die spits gestaan het van die klomp wat Christene vervolg het voor sy bekering!

Dit is teen dié agtergrond wat Paulus hierdie gedeelte skryf aan die gemeente in Tessalonika. Daar het hulle immers sélf hulle eie dosis vervolging deur die Joodse fanatici beleef. Dit is nou al tweeduisend jaar later en steeds het die Jode nie veel verander nie. My dogter het vir drie jaar in Israel gaan werk. Sy het groente geplant, winkelrakke reggepak, kinders opgepas en vloere geskrop. Sy was ‘n wrak toe sy terugkom, want die Jode is slawedrywers en steeds nog nét so fanaties en hardkoppig!

Wanneer Paulus só van die Jode praat, dan verwys hy natuurlik nie na ál die Jode nie. Jy kan mos nie sommer die kind met die badwater uitgooi nie! Hy praat spesifiek oor diegene wat so teen sy bediening gekant was. Natuurlik was daar steeds baie Jode wat hom goedgesind was, en nét so kan ons ook nie vandag sê dat álle Jode ‘n gemene klomp is nie! Wat egter wél waar is, is dat dit

dikwels jou eie mense is wat teen jou draai wanneer jy ‘n gelowige word. Dit is bitter as jou eertydse vriende jou bespot en verwerp, of as jou eie familie jou aankyk asof jy nou totaal koekoes geword het. Ek onthou die absolute walging op ‘n ongelowige dokter se gesig, jare gelede, toe hy my vertel het dat sy seun die mediese professie prysgegee het om predikant te word. Dit was asof die seun sy pa ‘n klap in die gesig gegee het!

Wanneer ons vanoggend se Skrifgedeelte deurlees, merk ons op dat Paulus se kortstondige bediening in Tessalonika ‘n beduidende invloed gehad het op die inwoners. Hulle het gelowig gereageer! Twee dinge het dit duidelik gewys wat hulle reaksie was. Eerstens het hulle die boodskap as die Woord van God aanvaar. Tweedens het daardie boodskap ‘n positiewe uitwerking op hulle lewens gehad. Oor die afgelope 23 jaar het ek die wonderlike voorreg gehad om die boodskap van God se verlossing met baie mense te kon deel. Op elkeen van hulle, en dit sluit jou ook in, rus daar ‘n

verantwoordelikheid om eerstens aan die Woord te gaan toets wat ek hulle meegedeel het. Jy moet seker maak dat dit die waarheid is, Skrifgetrou is en werklik die Woord van God is. Klop dít wat ek geskryf het met wat elders in die Bybel geskryf staan? Tweedens is dit van uiterste belang om die Woord van God te aanvaar. Wanneer jy dit doen, moet dit ‘n uitwerking op jou lewe hê. Jy kan nie sommer gerieflikheidshalwe vergeet wat jy gehoor het nie, maar jy moet lééf wat jy gehoor het! Die nuwe gelowiges van Tessalonika het nie maar gaan terugsit nadat hulle gelowig geword het nie. Hulle het onmiddellik aan hulle geloof begin werk. Dieselfde moet in ons lewens gesien kan word. As ‘n baba nie groei nie en maar net ‘n baba bly, is daar ‘n verskriklike groot fout met hom. Net so moet ‘n gelowige groei in sy geloof. Gebeur dit nie, dan is daar gróót fout!

Dink vanoggend ‘n bietjie na: hoe ervaar jy jou geloof? Is dit iets wat maar stagnant gebly het deur die jare? Is dit steeds nog net daar waar dit begin het? Of het dit gegroei en

geblom en vrugte gedra?

Ek wil jou uitnooi om vanoggend saam met my introspeksie te doen. Kom ons kyk of ons nog steeds groei in ons geloof. Dit is inderdaad die een aspek in jou lewe waar jy kan groei tot die dag wat jy doodgaan!

Gebed:

Ek wil vanoggend vra dat U my sal aanspoor om steeds geestelik te bly groei, Here!

# 7

# Verlange

## 1 Tessalonisense 2:17-20

**VIDEO | OUDIO**

Verlange - dis ‘n baie groot woord daardie! Hierdie woordjie durf nie ligtelik opgeneem word nie!

Ek onthou die grootste verlange van my lewe soos gister. Dit was in November 1973 - sal ek dit óóit vergeet? Ek het ‘n paar maande tevore die groot liefde in my lewe ontmoet en die liefde het geblom! En toe kom die nuus in die vorm van ‘n amptelike weermag briefie: Dit het tyd geword dat ekke weer vir ‘n kamp moes gaan sodat die regering kon seker maak dat ek nog onthou het hoe om oorlog te maak. Dinge het toe alreeds begin broei daar in Angola se rigting! Gelukkig stuur hulle ons net na Potchefstroom toe.

My hart het in my skoene gesak: hoe sou ek dit vir ‘n volle drie weke sonder my ou

Mosbolletjie kon uithou? Daar in die grammadoelas waar hulle my gestuur het was daar nie ‘n telefoon of enige vorm van kommunikasie nie. Toe pak ek vir my ‘n dik skryfblok en ‘n paar penne in.

Die afskeid op Durban se stasie was innig en lank en bitter swaar. Die trein was al lankal om die draai, toe hang ek nog by die venster uit om tog net een laaste kykie te kry, al kon ek haar lankal nie meer sien nie. Daardie eerste nag op die trein, het ek alreeds my verlange op ‘n vel papier uitgestort!

Op die stowwerige kampterrein ‘n ent buite Potchefstroom staan ek angstig saam met die manne en wag. Die posbode moes al lááánkal terug gewees het met die pos! En dan, uiteindelik slaan daar ‘n stofstrepie uit op die grondpaadjie wat na die kamp toe oploop. “Daar kom hy!” skree iemand opgewonde. Die manne maal om eerste by die Jeep te kom, nog voordat hy behoorlik kan stilhou. Die sersant gryp die possak en een-vir-een lees hy die name uit. Ek staan ongeduldig en rondtrippel. “Louis Nel!” hoor

ek my naam, en dit klink soos die mooiste musiek in my ore!

Met bewende hande skeur ek die koevert versigtig oop. Ek drink die heerlike geur van haar parfuum aan die brief in. Ek lees die brief oor en oor en oor want ek wil nie ‘n enkele woordjie mis nie. Die manne spot my, maar ek gee nie om nie. Die groot verlange na dié een wat ek innig liefhet is so effens bevredig. Vanaand stort ek weer al my hartsverlange uit op ‘n velletjie papier, want ek weet sy wag vir my.........

Wanneer Paulus hierdie brief skryf aan sy “kinders” in Tessalonika, loop hy oor van verlange. Hy was maar net ‘n skamele drie weke daar, maar in die kort tydjie het hy hulle leer ken en liefkry, en nou raak die verlange vir hom te veel. Hy brand om hulle te gaan sien, maar omstandighede verhinder dit. Paulus kry darem so ‘n klein bietjie bevrediging as hy vir Timoteus stuur om te gaan kyk hoe dit met hulle gaan. Wat sou hy tog sonder liewe ou Timoteus gedoen het?

Waarom is Paulus se verlange juis vir hierdie gemeente so groot? Hy sien in hulle iets van die wederkoms van Jesus. Hy weet dat hulle vir hom ‘n bron van blydskap en trots sal wees by die wederkoms! Is dit nie ‘n wonderlike getuienis van ‘n gemeente nie! Die lewe van die gemeentelede het ‘n ou man se hart brandend gemaak van verlange vir Jesus se wederkoms, want hulle leefwyse het getoon dat Jesus waarlik leef en dat Hy terugkeer om Sy kinders te kom haal om saam met Hom te wees.

Vir Paulus was die werklike beloning van sy werk nie geld, eer of roem nie. Sy grootste beloning was om te kon sien hoedat Jesus Christus deur die gelowiges in ‘n gemeente werk wanneer hulle Hom waarlik as Hoof erken het. Hy skryf in vers 19 dat hierdie gemeente die kroon is op sy werk.

Waarin vind jy jou grootste blydskap? Is dit ook wanneer jy uitvind dat iemand vir wie jy gebid het, of met wie jy die evangelieboodskap gedeel het vir Jesus gevind het en nou lewe tot Sy eer? Sal dit nie

wonderlik wees as ek en jy ons lewenstaak in ons gemeente só kan inrig dat dit by almal met wie ons te doene kry die verlange sal kweek vir Jesus se wederkoms nie! Ek dink dat elke gelowige die taak het om saam te werk sodat die gemeente waarvan ons deel is op hierdie wyse die boodskap van hoop kan uitdra. Die mense daar buite moet kan sien dat dit vir my ‘n vreugde is om ‘n gelowige te wees en dat ek my taak in die gemeente diep uit my hart uit geniet. My taak moet nie vir my ‘n las wees nie, maar ‘n vreugde.

Dis verder ook noodsaaklik dat my blydskap aansteeklik moet wees en die res van die gemeente aanspoor tot diens. In ons gemeente in Ballito werk dit beslis! Almal wat hier kom kuier van elders, praat van die liefde en blydskap wat hulle kan sien blom in ons gemeente. Ja, inderdaad is daar nog liefdeloosheid en tweedrag waaraan ons moet werk, maar dit word oorheers deur die opgewondenheid en vreugde wat uit die meerderheid van die gemeentelede straal!

Hoe lyk jóú gemeente? Dit begin by één persoon wat bereid is om die vuurtjie aan te steek om uiteindelik by álmal ‘n sterk verlange te kweek na die ware vreugde wat alleen Jesus kan gee. Dit kan by jóú begin!

Gebed:

Here, kweek asseblief by my daardie blydskap wat maak dat buitestaanders sal verlang na U!

# 8

# Teëspoed is Loutering

# 1 Tessalonisense 3:1-5

**VIDEO** | **OUDIO**

Gister het ons gesien hoe Paulus na die gemeente in Tessalonika verlang het. Dit was egter vir hom onmoontlik om daarheen terug te gaan om hulle te gaan sien. Hy het geweet dat hulle geestelike hulp nodig gehad het, maar hoe nou gemaak? Toe stuur hy vir Timoteus in sy plek!

’n Belangrike aspek van ons geloofslewe waarmee ons moet rekening hou, is die feit dat ons ook stormwater moet verwag wanneer ons geloofsbootjie oor die meer gly. Dis dán wat jy baie strategies moet beplan! Toe Paulus en sy geselskap die Evangelie in Tessalonika verkondig het, het hulle in die moeilikheid beland. Enkele Jode het onder hulle prediking tot geloof gekom, maar die res was baie skepties. Toe het die manne maar vir die Grieke begin preek en ‘n groot

aantal van hulle het tot bekering gekom. Dit het die Jode die harnas ingejaag en hulle het begin kwaad stook. Hulle huur ‘n klomp leeglêers om ‘n betoging op tou te sit, en só bring hulle die hele stad in beroering teen Paulus-hulle.

Só erg was dit dat Paulus, Silas en Timoteus inderhaas in die nag uit die stad moes sluip uit vrees vir hulle lewens. Die gemeente het hulle na Berea toe geneem. Maar ook dáár het hulle in die moeilikheid gekom, want die jaloerse Jode van Tessalonika het gehoor dat hulle daar was, en dat hulle die Evangelie ook dáár suksesvol verkondig het. Toe doen hulle presies dieselfde ding as in Tessalonika en stook ‘n opstand in Berea. Weereens moes Paulus vlug vir sy lewe en hy vertrek na Atene. Hierdie slag laat bly hy egter vir Timoteus en Silas in Berea agter om die werk stilletjies voort te sit. Timoteus is later teruggestuur na Tessalonika om die gelowiges te help, en deur briefwisseling kon Paulus met die gemeente kommunikeer en hulle só versterk.

Dikwels dink mense dat alle probleme aan sonde en kleingeloof toegeskryf moet word. Ons moet verwag dat daar teenspoed sal kom as ons ernstig is oor ons werk vir die Here, en ons moet voorbereid wees daarop. Wanneer beproewings en teenspoed oor ons lewens kom, gebruik God dit gewoonlik júís om ons te versterk in ons geloof. Probleme maak dikwels vir jou nuwe deure oop! Moenie in sak en as gaan sit as dit jou tref nie maar maak werk daarvan, en as dit moontlik is, laat die teenspoed vir jou werk!

Baie mense aanbid ‘n “gelukbringer-god.” Hulle glo dat die Here alle vorms van teenspoed van hulle sal weghou. God belowe nie dat Hy nooit teenspoed oor jou lewe sal toelaat nie, maar wat Hy wél belowe is dat Hy jou sal beskerm en krag gee selfs wanneer teenspoed jou tref! Psalm 23 stel dit só treffend: “**Selfs as ek in die donkerste kloof ingaan, is ek nie bang vir gevaar nie, want U is by my.**” Onthou ook wat Jesus gesê het in Mat. 5:11: “**Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My**

**beledig en vervolg en al wat sleg is van julle sê. Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel.**"

Ons moet dalk eerder teenspoed in die lewe van 'n gelowige sien as 'n smeltkroes. As ons kyk na die proses om goud te suiwer, dan weet ons dat gevaarlike chemikalieë gebruik word, soos chloor. Boonop moet die goud ook gesmelt word teen 'n baie hoë temperatuur, meer as 1000 grade Celcius. Maar wanneer die goud deur hierdie proses is, dan is dit feitlik 100% suiwer, 'n kosbare en baie gesogte metaal. In skrille teenstelling hiermee, is 'n vullishoop. In Bybelse tye is vullis verbrand. Dit het die vullis totaal vernietig en in rook laat opgaan. Daar bly niks meer oor as waardelose stinkende as nie!

Dit is nie God se doel met die gelowige wanneer daar teenspoed oor jou lewe kom, dat jy soos vullis vernietig word nie, maar eerder dat jy soos goud gesuiwer word. Sodoende word jy meer bruikbaar vir God se Koninkryk en terselfdertyd lewe jy nader aan

Hom.

Ten slotte moet ons ook rekening hou met die duiwel, die verleier. Paulus was bekommerd dat die duiwel dalk sy sin sou kry in Tessalonika. Alhoewel Jesus reeds die duiwel oorwin het, probeer hy steeds om gelowiges van Jesus weg te rokkel. Ja, in Tessalonika het die duiwel sékerlik hard probeer om ál Paulus se planne in die wiele te ry. Aanvanklik het sy pogings suksesvol gelyk toe Paulus na slegs ‘n kort rukkie daar moes vlug en die gemeente aan hulle eie lot oorlaat. Maar het dit hulle vernietig? Nee, baie beslis nie. Dit het hierdie mense eerder geleer om op hulle eie voete te staan. As hulle wou oorleef, kon hulle nie eers wag totdat ‘n dominee beroep was om hulle leiding te kom gee nie. Daar wás nie een om te beroep nie! Nee, hulle moes sélf die ding doen. En hulle het dit baie goed reggekry want al wat nodig was, was dat Timoteus later net ‘n bietjie kom hand bysit vir ‘n rukkie, om hulle geloof te versterk en hulle moed in te praat!

Paulus se goeie raad in Efes. 6:11-17 is om die volle wapenrusting aan te trek om die duiwel se aanslae af te weer. Gebruik dan selfs die duiwel se aanslae om jou sterk te maak en te laat groei in die geloof.

Gebed:

Here, dankie dat ek ook dikwels beproef word, en vir die moeilike tye wat oor my lewe kom. Ek is dankbaar dat U my deur alles dra en my daardeur sterk maak vir U Koninkryk!

# 9

# Gloeiende Kole

## 1 Tessalonisense 3:6-13

**VIDEO | OUDIO**

Daar lê vanoggend so ‘n diep verlange in my hart, ‘n verlange om te kan gesels met elke persoon met wie ek die afgelope 23 jaar die evangelieboodskap gedeel het. Ek is baie diep besorg oor jou, liewe vriend / vriendin, want dit voel vir my asof daar ‘n stukkie van my eie lewe na jou toe uitgegaan het. Skryf asseblieftog vir my en laat my weet hoe dit met jou gaan. Wat ondervind jy? Is dit borrelend in jou van vreugde oor die nuwe lewe wat Jesus jou gegee het? Binne-in my bruis en borrel dit van opgewondenheid, want elke nuwe siel vir Jesus laat die engelekore in die hemel uitbars in ‘n jubelende simfonie van blydskap en vreugde!

Ek is so opgewonde soos ‘n klein vlakvarkie wat ‘n lappie groen gras ontdek het, elke keer as iemand vir my skryf en vra hoe hy of

sy te werk moet gaan om Jesus te ontmoet of hoe om die Evangelie met iemand te deel. By die skakel onder aan die dagstukkie is daar ‘n pamfletjie wat verduidelik hoe om iemand van Jesus te vertel. Dis in Afrikaans, Engels en Zoeloe. Dit is seker die hoofrede waarom ek die afgelope 23 jaar elke dag die dagstukkies skryf: - om siele te wen vir Jesus. Is dit nie júís een van ons grootste take as gelowiges nie? En beslis die heerlikste! Iemand sê eenmaal vir my dat ons as gelowiges eintlik maar net die saaiers in God se Koninkryk is, en dat dit die Heilige Gees is wat die saadjies wat ons saai lewe gee, laat ontkiem en groei. Dit is baie waar, en is dit nie die heerlikste gevoel op aarde as jy in verwondering sien hoedat daardie eerste blaartjies van geloof die aardkors breek nie? Daardie sprankelende groen blaartjies is dan nog so broos, maar binne slegs ‘n paar dae spruit hulle uit tot volwaardige plante. Nuwe geloof maak my verskriklik opgewonde!

Paulus het presies dieselfde ervaar met die

Tessalonisense. Hy is so haastig daar weg, dat hy nie eers kon ervaar hoedat hulle nuwe geloof begin blom nie. Soos jy reeds weet, het hy later vir Timoteus gestuur om te gaan kyk wat daar in Tessalonika aangaan. En toe begin Paulus seker rondtrippel van ongeduld, want hy kon net eenvoudig nie wág om nuus te kry nie. Waar sou Timoteus dan so lank draai? Het hy probleme opgetel? Het hulle dalk weer in sonde verval?

En uiteindelik daag Timoteus op. Paulus het hom seker al van ver af staan en dophou terwyl hy op en af spring van opgewondenheid. “Tóé Timoteus - vertel!!! Vertel!!!” Paulus het sékerlik elke woordjie uit Timoteus uitgesuig want hy het intens belang gestel in elke enkele mens in Tessalonika. Hulle was sy geestelike kinders en hy het opreg omgegee vir elkeen, al het hy hulle skaars geken. In die drie ou kort wekies wat hy in Tessalonika was het hy innig lief geword vir elkeen van daardie gelowiges.

Paulus was waarskynlik moeg van die ver reis en al die ontberinge wat hy moes

deurmaak. Dis nie lekker om soos ‘n sleg hond uit ‘n dorp weggejaag te word nie, en dit knak beslis jou gemoed. Toe kom Timoteus met hierdie kraakvars nuus uit Tessalonika en dit was vir Paulus soos ‘n heerlike lawende watertjie in ‘n dor woestyn. Skielik het die ou man sommer weer nuwe lus vir die lewe gehad. Hierdie ou brose jong plantjies wat nog skaars hulle eerste blaartjies bo die grond uitgestoot het, het vir Paulus soveel beteken dat hy innerlik versterk was en gejubel het in die Here. Wat doen hy toe? Het hy met hulle geraas oor dinge wat nog skeef was? Nee, hy het hulle opreg gekomplimenteer oor die mooi dinge wat hy sien gebeur het!

Opregte dankbetuigings, komplimente en ondersteuning het vir ‘n jong gelowige wat nog wankel in die geloof dikwels ‘n baie groter effek as om met so ‘n persoon te raas oor dinge in sy lewe wat nie reg is nie. Inderdaad sou Paulus seker baie stof kon kry om oor te baklei, maar hy het verkies om te fokus op die goeie. Selfs wanneer hy by die

slegte dinge kom, praat hy op ‘n positiewe manier daaroor. In 3:9 noem Paulus byvoorbeeld dat hy God dank vir al die blydskap wat hy oor hulle het. As gelowige moet ek met ‘n opregte hart vir my medegelowige kan sê dat ek vir God dankie sê vir al die vreugde wat daardie persoon in my lewe veroorsaak. As jy werklik bedoel wat jy sê, bring dit ‘n nuwe dimensie in jou verhouding met medegelowiges wat veel verder gaan as ‘n blote vriendskap. Jou verhouding word dan gedra deur God se liefde.

Inderdaad kry ek soms ernstige kritiek oor my werk, en dit laat ‘n knop op my maag. Maar dan kry ek weer talle briefies, soms net ‘n enkele lyntjie van mense wat hulle waardering uitspreek oor die dagstukkies, en wat dit vir hulle beteken. Ek waardeer elkeen van daardie briefies inniglik, want dit gee my nuwe lus om aan te gaan en my héél beste te lewer as ek skryf ten spyte van die harde kritiek, want hulle laat my besef dat my arbeid ‘n verskil maak in mense se lewens.

Ons gelowiges het mekaar baie nodig! Géén gelowige kan op sy eie aangaan nie. Dit is soos om ‘n kooltjie uit die vuur te haal en eenkant neer te sit. Dit vat nie lank voor daardie kooltjie morsdood is nie. Maar sit hom terug by die ander kole waar hy deel is van die warmte, en weldra gloei hy helderrooi!

Gebed:

Here, hou my asseblief gloeiend saam met my medegelowiges, en help my om ander gelowiges opreg te waardeer en dit vir hulle te sê!

Kry die boekie: Hoe om te Vertel van Jesus? By: **bit.ly/bbVertel**

# 10

# Leef Rein

## 1 Tessalonisense 4:1-8

**VIDEO | OUDIO**

Toe Timoteus van Tessalonika af terugkom, wou Paulus álles weet oor hoe dit daar gaan. Timoteus was opgewonde: “Daardie ou gemeentetjie is aan die brand!” vertel hy, vol entoesiasme. “Daar is egter tóg ’n paar sakies wat krap, waaraan ons dringend sal moet aandag gee.....” Paulus het goed geluister na wat Timoteus hom vertel het, en toe roer hy die jong man se bekommernisse in sy brief aan, praktiese dingetjies wat aan die einde van die dag dalk ’n baie groot verskil kon maak. Sy lysie gaan oor die seksuele lewe; liefde tussen gelowiges; arbeidsake; wat met jou gebeur as jy doodgaan; Jesus se wederkoms en nog die een en ander.

In hoofstuk 4 begin Paulus dus skryf dat ‘n gelowige behoort te lewe soos wat God dit

wil hê. Hy sê dit nie sommer omdat dit sy eie mening is nie, maar op gesag van Jesus Christus. Hy beklemtoon dit dat jy nie maar net so halfhartig met jou geloofslewe moet omgaan nie, maar dat jy jou daarop moet toelê om dit met volle oorgawe te doen. Ek en jy moet besef dat alles wat ons doen onder die gesag en bevel staan van Jesus Christus.

Die eerste sakie wat Paulus aanraak is ‘n ou seer puntjie. Die sedelike standaarde van die samelewing in daardie jare het veel te wense oorgelaat. Dit laat jou nogal dink aan ons eie situasie vandag! Dis nou maar eenmaal so dat ‘n mens se natuurlike geaardheid maak dat die oomblik as jy laat slaplê in jou geloof, dan gly jy terug. En die eerste ding wat gebeur is dat jy verlei word tot onsedelikheid, oftewel seksuele sondes. Elke gelowige moet onthou dat ons ook wat die seksuele betref onder die bevel staan van Jesus Christus. Ons durf nie in ‘n seksuele verhouding staan as dit nie in ‘n permanente een-tot-een vertrouensverhouding - dus in die huwelik is

nie.

“Weerhou julle van onsedelikheid,” beklemtoon Paulus dit vir die gemeente. In daardie tyd was onsedelikheid ‘n integrale deel van die heidene se afgodsdiens. Vandag word dit dalk ‘n bietjie anders bedryf. Die talle ontkleeklubs in ons stede het ‘n stomende bedryf geword wat manne en selfs ook vroue by die hordes trek. Masseersalonne en prostitute is ‘n algemene verskynsel!

By hierdie walglike dinge raak géén gelowige betrokke nie. Wel, daar is tóg gelowiges wat só seksverslaaf geraak het dat hulle in die geheim hierdie plekke besoek. Daar is egter ook ‘n meer subtiele verleiding: slaan maar feitlik enige tydskrif oop, en jy sien die advertensies vir “foonseks”. Hier kan jy in die geheim jou fantasie uitleef en g’n haan sal ooit daarna kraai nie! Die probleem is egter dat dit vir God g’n geheim is nie, en dat jy jou gedagtes so besoedel met hierdie dinge dat jou verhouding met God totaal vertroebel. Dieselfde geld vir die talle sekstydskrifte,

pornografie op die internet ens. Al hierdie dinge dryf jou verder en verder weg van God af, en uiteindelik kla jy dat jy teen die plafon vasbid en dat God jou verlaat het. Nee, dit is nie God wat jóú verlaat het nie, maar wel jý wat vir Gód verlaat het!

‘n Tweede aspek is om jou te weerhou van enige buite-huwelikse seksuele verhouding. Dit mag dalk begin met ‘n “onskuldige” flirtasie of ‘n begeerlike kyk na iemand. Jesus het gesê dat as jy net na iemand kyk om haar te begeer, dan het jy reeds egbreuk gepleeg. En dit is nie om dowe neute nie, want sulke begeertes kan in jou stoom totdat dit naderhand oorgaan tot dinge wat jy nie meer kan beheer nie. Ek het al dikwels gesien watter onmeetlike pyn ‘n egskeiding kan veroorsaak. Ongelukkig is dit nie net een persoon wat seerkry nie, maar die skade wat die kinders opdoen is onherstelbaar. Boonop raak dit ook die familie en vriende. In kort kom dit daarop neer dat die liefdesgebod totaal verontagsaam word, want liefde bind mense saam, dit verbrokkel nie verhoudinge

nie en dit maak nie seer nie.

In die gedeelte praat Paulus hoofsaaklik met die manne. Daar is ‘n baie goeie rede voor: vrouens was daardie jare gebonde aan die huis (buiten natuurlik straatvrouens), en dit was die manne wat vryheid van beweging gehad het om rond te slaap. ’n Vrou het nooit die geleentheid gehad om alleen in ’n vreemde man se geselskap te verkeer nie. Vandag het dinge natuurlik totaal verander, en wat dus daardie tyd op die man van toepassing was, is vandag nét so op die vrou van toepassing.

My pleidooi is vanoggend, dat as jy besig is met enige onsedelikheid in jou lewe, breek asseblief vandag daarmee! God is bereid om jou skoon te was en totaal te vergewe!

Doen eerder wat Paulus in Filippense 4:8 voorskryf: “Verder, broers, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat lof verdien, ja, watter deug of watter prysenswaardige saak daar ook mag wees:

rig julle gedagtes daarop."

As jy jou gedagtes vul met mooi en goeie dinge, sal daar nie plek wees vir die onsedelike nie!

Gebed:

Here, help my asseblief om my lewe rein te hou tot eer en verheerliking van U Naam!

# 11

# Ware Broederliefde

## 1 Tessalonisense 4:9-12

**VIDEO | OUDIO**

As ons gelowiges maar net bymekaar kan staan en in mekaar glo, sal dit baie beter gaan met die kerk! Ons is immers bloedfamilie, gered deur dieselfde kosbare bloed van Jesus Christus, en kinders van God. Dus is ons broers en susters van mekaar. Paulus bepleit in vers 9 en 10 vir broederliefde. Ja, hy het gesien dat die gelowiges van Tessalonika mekaar wel liefhet, maar hy vra dat daardie liefdesband nog hegter gebind word: "**Maar ons moedig julle aan, broers, om dit nog meer te doen**" (v. 10).

Wat beteken so 'n broederliefde? Dit is die soort liefde wat jou bereid maak om alles op te offer ter wille van jou mede-gelowiges. Dit is 'n liefde wat absoluut teen die grein van 'n mens se natuurlike geaardheid ingaan.

Hierdie liefde vra byvoorbeeld van jou om medegelowiges te aanvaar net soos hulle is, met gebreke en al. Ek en jy durf nie ‘n medegelowige verwerp bloot omdat hy of sy in sonde verval het nie. Dit is juis dán wat hulle ons die nodigste het! Ek durf my nie bo ‘n ander gelowige verhef en sê dat ek so hoogheilig is nie. Onthou: enigeen kan struikel. Die afgelope paar jaar het ons met groot skok verneem van groot, gerespekteerde evangeliste wat hard geval het. Dieselfde kan met jou en my gebeur! Niemand is onfeilbaar nie, en daar is nie ‘n enkele mens sonder sonde nie.

Die feit is dat die Here se genade oor my en jou so onbegryplik groot is dat Hy bereid was om ál ons sondes te vergewe, selfs die sondes wat ons steeds elke dag doen. Die minste wat ons kan doen is om ook ons medegelowiges te vergewe waar hulle gestruikel het en om hulle so onvoorwaardelik lief te hê. Dit is baie beslis nie maklik nie! As ons dit egter regkry, dan verkondig ons lewensvrede en harmonie.

Maar hierdie liefde moet eintlik baie verder gaan: dit moet ‘n praktiese, opofferende uitleef wees van dit wat ons verkondig. Dit help nie dat ek maar net vir iemand sê: “Ek is lief vir jou” nie! Liefde is om daadwerklik, fisies en prakties iets te doen vir ‘n ander. Wanneer ons só ons liefde vir mekaar prakties uitleef, dan straal ons in werklikheid God se liefde uit, sodat die wêreld Sy wonderbare liefde in ons weerkaats kan sien. Dan het ons ons doel bereik!

Daar is tóg ‘n verskil tussen die liefdesgebod, om jou naaste lief te hê en hierdie broederliefde waarvan Paulus praat en wat Jesus ook vir Sy dissipels gegee het kort voor Sy kruisiging. Kom ek verduidelik: wanneer ek ‘n vreemdeling in die straat raakloop, sal ek hom dalk vriendelik groet. As dit egter ‘n familielid is, sal ek hom omhels en soen. Daar is ‘n spesiale liefdesband. Omdat gelowiges “bloedfamilie” is, behoort ons dieselfde soort liefde teenoor mekaar uit te leef. Hierdie liefde behoort te strek regoor alle denominasiegrense heen, want ons is

almal een in Christus.

In vers 11 en 12 gee Jesus ons, by monde van Paulus opdragte vir ons instelling teenoor ons werk en geldsake. Die Tessalonisense het ‘n wederkoms-beheptheid gehad. Hulle het verstaan dat Jesus se wederkoms enige dag kon kom, en dat hulle daarvoor moes sit en wag. ‘n Wederkoms-verwagting moet vir jou ‘n adrenalien-inspuiting wees sodat jy jou moue oprol en harder werk. Hulle siening was egter: “Jesus kom binnekort om al ons probleme op te los. Waarom moet ek dan nou myself vermoei?” Hierdie mense was nog baie jonk in die geloof, en Paulus praat saggies en baie diplomaties met hulle as hy hulle aanpor om skouer aan die wiel te sit. Die Tessalonisense het verwag die wederkoms gaan enige dag plaasvind en het alles gelos en na die hemele gesit en kyk. Opgehou werk en dus nie verdien nie en kon nie vir hulle gesinne voorsien nie - ander mense moes hulle versorg. Paulus se vermaning het blykbaar nie veel gehelp nie.

In sy volgende brief praat hy egter hard as hy sê: "**As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie!**" (2 Tess 3). Dus: Tot die Here kom, gaan rustig aan met jou lewe en moenie jou plig (werk/familie) versaak nie.

Die oproep om rustig te lewe, is nie maar sommer so in die algemeen nie, maar dit geld vir die werksituasie. Dit beteken dat hulle nie heethoofde moet wees nie, maar dit 'n saak van erns en eer moet maak om rustig te wees in jou werk. En natuurlik geld presies dieselfde vandag vir my en jou ook.

Die tweede oproep sluit aan by die eerste, en beteken letterlik dat jy nie 'n wysneus moet wees wat vir ander wil voorskryf wat hulle moet doen nie, en dit terwyl jy moontlik sélf in 'n leunstoel sit! Doen jy jóú werk, daar waar God jou geplaas het.

Die derde oproep is om finansieel onafhanklik te wees. Moenie 'n leeglêer wees nie! Moenie op iemand anders steun vir lewensonderhoud nie. Dit beteken ook dat jy jou geldsake slim moet hanteer en nie dom

dinge aanvang nie.

Die feit is, dat as jy hierdie drie opdragte uitvoer, dan dwing jou eerbare lewenswyse ander se agting af en jy word ‘n spieël waarin die wêreld God kan sien.

Gebed:

Here, kweek asseblief by my ‘n ware broederliefde vir my medegelowiges, ‘n liefde wat onvoorwaardelik vergewe en waarlik omgee!

# 12

# Lewe na die Dood

## 1 Tessalonisense 4:13-18

**VIDEO | OUDIO**

Onthou jy nog die treurmares en die Jeremiades van die Briels? Ek het as kind koue rillings gekry as hulle sing van grafte en lyke en bittere, hartseer verlangens. Ek onthou nog hoe die oumense gerou het: die arme vrouens het pikswart rokke en hoede gedra vir maande na die geliefde al dood was, en die mans het swart roubandjies aan hulle arms gedra. Daar durf ook nie ‘n sweempie van ‘n glimlag op die arme weduwee se gesig wees nie, want dan sou almal dink dat sy nie ernstig was oor haar geliefde se afsterwe nie!

Vandag is daar steeds mense wat op dieselfde manier rou. Ek gesels eenmaal met ‘n Hindoe dame, en die dood kom ter sprake. Sy vertel my toe hoe hulle Hindoes so verskriklik rou wanneer iemand te sterwe

kom. Ja, hulle glo ook in ‘n lewe na die dood, vertel sy, en toe verduidelik sy vinnig van reïnkarnasie. “Glo jy in lewe na die dood?” wou sy van my weet, en ek kry die geleentheid om prontuit te getuig waarheen ek gaan, en dat ek geensins bang is om te sterf nie!

‘n Paar jaar gelede was daar ‘n nuusberig oor ’n vliegtuig wat naby Barberton teen die berg vasgevlieg het, en die dood van 9 mense veroorsaak het. In ‘n onderhoud met die bejaarde ouers van een van die slagoffers, sê die pa: “Ek gedenk nie die dood van my seun nie. Ek vier sy lewe....” Wat veroorsaak dat die een persoon bitterlik rou oor ‘n geliefde, terwyl ‘n ander dit met blydskap aanvaar? Natuurlik is daar droefheid - dit is net natúúrlik, maar die bittere, hartverskeurende smart is nie te bespeur nie.

Die Tessalonisense het nie Jesus se wederkoms baie mooi verstaan nie. Hulle het geglo dat dit baie gou sou gebeur, en dat hulle almal Jesus sou ontmoet wanneer Hy

op die wolke kom. Hulle het gewag, maar dit het nie gebeur nie. Intussen het daar van hulle gesterf, en hulle was baie bekommerd dat diegene wat voortydig sterf, dalk Jesus se wederkoms sou misloop! Wanneer iemand dus te sterwe gekom het, het hulle bitterlik gerou. Dit was ‘n tragedie! Dit het Paulus genoop om vir hulle te verduidelik dat die dood nie ‘n finale skeiding is soos hulle gedink het nie. Sowel die skeiding tussen liggaam en gees as die skeiding tussen gelowiges is slegs tydelik. Wanneer Jesus terugkeer, kry die gees ‘n nuwe liggaam en so word ook die gelowiges weer herenig. Dan gaan dié wat reeds gesterf het en die wat nog lewe met Jesus se wederkoms ook weer bymekaar wees. Vir altyd!

Paulus se bedoeling met hierdie skrywe was nie om ‘n haarfyn beskrywing te gee van presies wat gebeur in watter volgorde met die wederkoms nie. Dit was om die verontruste gelowiges die versekering te gee dat die ontslapenes nie ‘n agterstand het wanneer Jesus kom nie.

Paulus praat van “ontslapenes.” Elders in die Bybel word die dood met “slaap” vergelyk. Net soos wat fisiese slaap slegs ‘n tydelike toestand is, so is die dood ook maar net ‘n tydelike toestand. Jesus het die angel uit die dood gehaal. Dit is eintlik ‘n mooi beeld om die dood met slaap te vergelyk, want daar is nogal ‘n paar interessante ooreenkomste:

Soos slaap ‘n tussentoestand is, is die dood ook ‘n tussentoestand. Voordat jy slaap is jy wakker, en nadat jy geslaap het is jy weer wakker. Net so is die dood ‘n wonderlike “rus” by die Here. Wat presies daarna gebeur, is ongelukkig vir ons ‘n misterie, want daar word bitter min hieroor in die Bybel geskryf. Ons kan maar net sekere afleidings maak.

Die tweede vergelyking met slaap, is dat wanneer jy wakker word en jy kyk in die spieël, dan sien jy nog presies dieselfde mens. So is dit ook met die opstanding na die dood, waar jy nog dieselfde mens gaan wees.

Die derde vergelyking is dat nadat jy geslaap

het, jy uitgerus en vars is. Jy staan as’t ware as ‘n nuwe mens op na ‘n goeie nagrus. Met die dood is dit nog veel meer so, want jy word ‘n totale nuwe mens, nie met ‘n verfrisde liggaam nie maar ‘n verheerlikte liggaam sonder siekte, pyn en beperkings.

Wanneer jy dus weer by die graf of sterfbed van ‘n geliefde staan, herinner jouself dan aan die woorde van 1 Tess. 4:17 en 18, en ervaar die wonderlike troos wat God jou daar gee. Inderdaad sal ons saam met ons geliefdes wees by Jesus. Verséker kom daar ‘n herontmoeting om nooit, ooit weer van mekaar geskei te wees nie. Daar lê ‘n wonderlike toekoms voor saam met die Here, nadat Hy ons nuutgemaak het. Ja, die soete trooswoorde van 1 Tess 4:13 gee aan elkeen van ons hoop: “Ons wil nie hê dat julle onkundig moet wees oor diegene wat ontslaap het nie, **sodat julle nie treur soos die ander mense wat nie hoop het nie.**” Natúúrlik mag ons treur en bedroef wees. Ons word immers vir ‘n tyd lank geskei van iemand vir wie ons lief is. Maar die

wonderlike hoop gee vir ons vertroosting, want die skeiding is nie vir altyd nie, maar slegs tydelik.

Inderdaad is hierdie gedeelte in Tessalonisense vir my persoonlik vandag ook ‘n groot troos. Eergister (Sondag) kry ons die skoknuus dat ons skoondogter Claudette onverwags oorlede is. Vir ons gesin was dit ‘n reuse skok. Maar ons het die vertroosting van 1 Tess 4:13!

Gebed:

Baie dankie dat U ons troos met ‘n wonderlike hoop, selfs wanneer die dood ‘n skadu oor ons gooi!

# 13

## Jesus Kom Weer

## 1 Tessalonisense 5:1-11

VIDEO | OUDIO

Ek het net weer die kortstondigheid van die lewe beleef toe my skoondogter in die fleur van haar lewe skielik weggeruk is uit ons midde. Tydens die Covid-pandemie is etlike van ons vriende net skielik dood na ‘n kort siekbed. Dit het my telkemale diep geruk! Ja, die tyd en dag weet ons nie, dit kan totaal onverwags kom, soos 'n dief in die nag! Is jy gereed, as jou einde dalk skielik vandag moet kom?

Vandag gesels ons egter nie oor die dood nie, maar wél ‘n sakie wat naby verwant is daaraan: Jesus se wederkoms. Dit is natuurlik ook ‘n baie omstrede saak, want verskillende mense verstaan dit verskillend. Die Jehovah's Getuies wil byvoorbeeld beweer dat die wederkoms reeds in 1918 plaasgevind het, of moontlik in 1945.

Sommige mense glo dat daar twee wederkomste sal wees en dat die wegraping 'n werklikheid is. Ander glo weer dat daar nie so ‘n ding soos die wegraping sal wees nie. Oor hierdie dinge wil ek my beslis nie uitlaat nie, en ek sê by voorbaat dat ek geen briewe hieroor sal antwoord nie, want ek wil nie in ‘n sinnelose argument betrokke raak nie. Daar is egter twee dinge wat ons baie duidelik moet weet oor die wederkoms, en dit is dat dit baie onverwags gaan plaasvind, en dat ek en jy gereed moet wees daarvoor.

Verskeie “profete” het al spesifieke datums vir die wederkoms van Jesus voorspel. Daar is kort-kort nuusberigte van die een of ander kultus wat êrens sit en wag vir die dag, en as die dag dan nie aanbreek nie, is daar ‘n massa-selfmoord wat die ganse wêreld skok. Nog baie onlangs het ‘n groot aantal mense geglo dat 21 Desember 2012 die einde van die wêreld sou wees. Hulle bewerings was gegrond op die Maya kalender. Hoe kan jy Christus se wederkoms baseer op 'n spesifieke dag omdat 'n groep

afgodsaanbiddende priesters so gesê het? Dit het toe natuurlik nie gebeur nie.......

Paulus stel dit baie duidelik dat dit ons sal oorval soos ‘n dief in die nag. As jy geweet het wanneer ‘n dief sou inbreek, kon jy hom voorgelê het. Maar so sal hy hom nie laat vang nie! Inderdaad kan absoluut niemand voorspel wanneer dit sal gebeur nie. Die Tessalonisense het verwag dat die wederkoms in hulle tyd sou plaasvind, want die tekens van die tye was reeds daar. Vandag sien ons die tekens wat die wederkoms vooruitgaan nog soveel duideliker. Sommige mense sê wél dat daar nog sekere dinge in Israel moet gebeur voordat die wederkoms kan plaasvind, maar sê nou net hulle verstaan dalk die profesieë verkeerd. Die wederkoms kan in werklikheid vandag gebeur. In elk geval vind die wederkoms in ‘n sekere sin vir jou plaas as jy vandag dalk onverwags in ‘n motorongeluk of aan ‘n hartaanval sou sterf.

Dit is teen hierdie agtergrond wat Paulus ons vermaan om te alle tye gereed te wees om

Jesus te ontmoet, hetsy in Sy wederkoms of as jy sou sterf. Die vraag is of jy vandag gereed is om jou Here te ontmoet?

Die eerste eenvoudige vraag is, of jy weet wat met jou sal gebeur wanneer jy sterf of as Jesus vandag sou kom. Is jy seker dat jou naam in die boek van die lewe geskryf is en dat jy saam met Jesus in die hemel sal wees? As jy nie vandag daardie sekerheid het nie, dan is daar ‘n eenvoudige stap: skryf vir my ’n briefie na **louis@dagstukkie.co.za** of stuur ‘n WhatsApp na **082 771 4925**. Jy kan my ‘n boodskap stuur deur slegs hier te klik: **bit.ly/dsWA** Ek sal met groot liefde vir jou verduidelik wat dit behels om ‘n kind van God te word.

As jy egter reeds daardie sekerheid het, is daar ander dinge wat jy in ag moet neem oor jou gereedheid. Dan is die vraag nie meer óf ek saam met Jesus sal wees nie, maar eerder hoe ek my Christenskap uitleef. Sal ek in skaamte voor Hom staan en verduidelik dat ek gedink het dat daar nog baie tyd was, en ek dus niks vir Hom gedoen het nie, of sal

ek met vrymoedigheid na Hom kan gaan, met die wete dat ek my lewe aan Hom gewy het? En nee, as gelowiges hoef ons nie in vrees en bewing voor Hom te staan en straf te verwag waar ons dalk laks was of gesondig het nie!

Hoe moet ‘n gelowige wag op Jesus se wederkoms? Paulus verduidelik: Ons moet wakker en nugter wees. Om wakker te wees beteken dat ons nie oorgerus moet raak nie. Nugterheid beteken dat ons geestelik en moreel gebalanseerd moet lewe; dat ons selfbeheersd en kalm moet wees, en dat ons ons plig moet doen en ons roeping vervul. Hoe doen ons dit? Deur ons liefde ten volle uit te leef in alle aspekte van die lewe. Soos ‘n soldaat wat ‘n borsharnas dra, só moet ons geloof en liefde gebruik om ons hart te beskerm. Maar ‘n soldaat is eintlik in diens van die koning en ander mense, en so moet ons liefde uitvloei na elkeen met wie ons in aanraking kom, maar veral ook na ons Koning.

Is jy gereed vir daardie ontmoeting?

Gebed:

Here, hou my asseblief paraat en waaksaam en arbeidsaam - gereed om Jesus te ontmoet!

# 14

# Blydskap en Dankbaarheid

# 1 Tessalonisense 5:12-18

**VIDEO | OUDIO**

Ek het al so dikwels in die wandelgange gehoor: “Daardie predikantjie moet darem nou regkom,” en dan fluister die persoon: “Hy doen nie genoeg huisbesoek nie; sy preke is te lank; sy preke is gans te kort; sy preke praat nie met my nie; hy herhaal te veel; hy preek die hele tyd net oor sonde; hy preek die hele tyd net oor genade en liefde; sy preke is kinderagtig - ek is immers ‘n geleerde man; sy preke is gans te ingewikkeld.......”

Het jy al hierdie redenasies gehoor? Is jy dalk iemand wat sélf gereeld so kritiseer? Ek ken mense wat van kerk na kerk na kerk hardloop, want hulle kry nêrens ‘n predikant of pastoor wat na hulle smaak preek nie! Moenie my verkeerd verstaan nie: Natúúrlik moet enige prediker se prediking die suiwer

Woord van God reflekteer, en as dit nie gebeur nie, durf ons nie na hom luister nie, want dan is hy ‘n vals profeet! Maar die redenasies wat hier bo genoem is, hoort nie in ‘n gelowige se woordeskat nie!

Jy vra dalk, of ons dan die predikers op ‘n verhogie moet plaas? Is hulle verhewe bo die “gewone” mense? Nee, dit wil ek vir geen oomblik sê nie. Maar luister ‘n bietjie wat Paulus vir die gemeente in Tessalonika sê: “**Maar ons vra julle, broers, om respek te betoon aan diegene wat ywerig onder julle werk, en julle in die Naam van die Here voorgaan en teregwys, en om, op grond van hulle werk, in liefde en met die hoogste agting teenoor hulle op te tree.**” (1 Tess 5:12-13) Die opdrag wat God deur Paulus aan my en jou gee, is om ‘n slag te gaan nadink oor hoe ons die leraar en die ander leiersfigure in ons gemeente respekteer. Nee, dit beteken nie dat hulle vereer moet word nie, maar die minste wat ons kan doen is om vir hulle te sê dat ons die werk wat hulle doen waardeer. Sê vir hulle

dat hulle leierskap en onderwysing jou help, en bedank hulle vir dít wat hulle bediening in jou lewe beteken. As ek en jy nie ons waardering uitspreek nie, sal hulle dit nooit weet nie. Natuurlik moet dít wat jy sê opreg uit jou hart kom. Vleitaal is uit die bose! Maar jou woorde moet ook bevestig word deur jou dade: aanvaar hulle leiding sonder om te mor en kla. En net so terloops: as jy dalk gedink het dat ek 'n predikant is wat erkenning vra - nee: ek is 'n doodgewone lidmaat!

Ons is besig met die slothoofstuk van Paulus se eerste preek/brief aan die gemeente in Tessalonika, en hy raak enkele teer puntjies aan wat Timoteus waarskynlik vir hom genoem het. Ja, die manier wat hulle die gemeenteleiers behandel, is 'n bekommernis. Maar daar is ook ander dinge wat krap. In vers 14 en 15 skryf hy, dat as iemand die Here se persoonlike liefde ervaar, dan moet sy verhouding met medegelowiges ook wys dat hy met elkeen 'n unieke persoonlike verhouding het. Veréker gaan jy anders optree teenoor mense met spesifieke

probleme of behoeftes. Iemand wat byvoorbeeld swak is, gaan jy nie hanteer asof hy net moedswillig ongehoorsaam is nie. Dit vra van ons om oordeelkundig en in die grootste liefde op te tree teenoor elke medegelowige, en so die liefde van God aan elkeen uit te dra.

In vers 16-18 vra Paulus ons om te besin oor ons daaglikse innerlike houding. Ek het eenmaal ‘n dierbare ou vriend gehad, ‘n uitgesproke en baie diep gelowige. Hy het egter een groot probleem in sy lewe gehad: swartgalligheid. Die liefde van Jesus het letterlik uit die man gestraal, maar elke keer as ek hom sien, dan lyk dit asof die wêreld se laste op sy skouers rus. Die politieke situasie in ons land en die misdaad en korrupsie en goddeloosheid van die mensdom, alles wou hy saamdra. Natúúrlik mag ons nie van daardie dinge vergeet nie, maar sulke goed wat ek en jy nie kan oplos nie, kan ons gerus maar in God se bekwame hande oorlaat. Paulus sê dat ons as gelowiges se lewenshouding moet spreek van die Here se

liefdevolle sorg en dat ons in alle omstandighede dankbaar sal wees, want "**dit is God se wil vir julle in Christus Jesus.**" (1 Tess 5:18). Wat behels hierdie innerlike houding? As jy weet wat God in Christus vir jou gedoen het, kan jy net eenvoudig nie anders nie as om altyd bly te wees. Dit maak dat jy biddend leef en in alle omstandighede steeds dankbaar kan wees.

In Filippense 4:4 borrel Paulus dit uit: "**Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!**" Hierdie volgehoue blydskap, gebedslewe en dankbaarheid wat daarmee saamgaan, mag nooit afhang van jou omstandighede, jou gemoedstoestand of jou emosies nie. Aan hierdie drie oproepe moet jy gehoorsaam wees, al voel dit vir jou dat jy genoeg rede het om dit nie te doen nie. Blydskap kan 'n mens aankweek en beheer. En die wonderlike is, dat as jy 'n donker dag beleef, en jy sê vir jouself: "*Ek is bly!*" en jy sit 'n glimlag op jou gesig, dan is dit asof daardie donker wolk sommer so vanself oplig. En O! Is sulke blydskap aansteeklik!

Dankbaarheid is amper ‘n natuurlike uitvloeisel van sulke blydskap. Maar dit is ook iets wat ons moet oefen, dit kom nie sommer so vanself nie. En dan gebed: Weereens, gebed is nie noodwendig daardie formele stiltetyd nie, maar ‘n gedurige gesprek met God, regdeur die dag. Jesus is net ‘n gedagte ver! Gesels met Hom!

Gebed:

Here, vul asseblief vandag my hart met dankbaarheid en blydskap!

# 15

# 'n Jubeling in die Hart

# 1 Tessalonisense 5:16-28

**VIDEO** | **OUDIO**

Paulus druk dit vir ons op die hart in 1 Tessalonisense 5:16: “**Wees altyd bly!**” In Filippense 4:4 sê hy dieselfde: “**Verbly julle altyd in die Here! Ek herhaal: Verbly julle!**” As ek en jy maar net so sorgvry en opreg jubelend-bly soos die veervolkies en ander diere van die veld kan wees. En nou verlang ek darem met ‘n seer hart na die bos - ons was jare laas daar! Op 14 September 2008 maak ek die volgende inskrywing in my dagboek:

Ek sit vanoggend op ons boshuisie se stoep, met die vuurrooi son wat met een oog loer tussen die deurmekaar takke van die doringbome deur. Hy mik-mik maar nog so oor die horison, en hy kleur die lug met sagte skakerings van oranje, rooi en geel. ‘n Groenvlekduifie kla steen en been dat die

dag alweer so verskriklik warm gaan wees - hy voel dit aan in sy twee vuurhoutjiebeentjies: “Die dag, O, die dag gaan warm wees - ek voel dit aan my lyf, aan my lyf…..” Die oggendluggie het ‘n byt in hom, en jy kan amper nie dink dat dit gister so warm was nie, die Laeveldson het ons gekook, met ‘n hoofletter “O”, diep in die veertigs gewees. En dis ontsettend droog. Die arme rooibokkies lyk soos geraamtes, smagtend na ‘n bekkie vol groenigheid. Maar daar is niks, net die kaal, dorre, songebakte grond.

Nogtans is daar ‘n jubeling in die lug. ‘n Paar tiptolle kwetter opgewonde as hulle ‘n appel ontdek wat ek in ‘n boomtak vasgesit het, en ‘n grootoog duikertjie kom skugter nader, op soek na ‘n paar mieliepitte. Iewers sing ‘n Swartkop Wielewaal sy hart uit, terwyl ‘n patrysie luidkeels die aanbreek van die nuwe dag verkondig, so asof almal nie al rééds weet dat die nuwe dag daar is nie. Op die oog af is die bos dood en dor, maar die jubelsang weerklink oorweldigend, en

weergalm tussen die dorre takke deur. ‘n Hoep-hoep, ‘n paar luidrugtige kakelaars, ‘n visvangertjie en ‘n paar uitbundige kolganse wat baljaar langs die Groot Krokodil, almal sing opgeruimd en vrolik. ‘n Twintigtal tarentale huppel verby. Hoe kan almal so vrolik wees terwyl dit so swaar gaan? Die son het intussen sy rooi nagkombersie afgegooi, en hy hang witwarm bokant die boomtoppe. “Vandag gaan ek julle skroei!” sis die son. “Dis lekkeeerrrrrr om te lewe!” kwetter die tarentale opgewonde. ‘n Geelbek neushoring sukkel om aan die gang te kom, soos ‘n Lister dieselenjin op ‘n koue oggend, maar as hy eers gevat het is daar nie keer aan hom nie. Ek hoor selfs ‘n bloukuifloerie wat uitbasuin dat die bos nie so ‘n slegte plek is om te bly nie, ten spyte van die kosskaarste.

Wat maak dat almal so gelukkig en opgewonde en uitbundig is? Kan hulle nie sien dat dit bitter swaar gaan nie? Kan hulle nie die knellende droogte aan hulle lywe voel nie? Dalk is die antwoord opgesluit in die

liedjie wat ek laasnag gehoor het: “Liewe Heer - bewaar ons tog!” die smeekgebed van ‘n naguiltjie. Toe ek vanoggend opstaan, weerklink sy gebed steeds: “Liewe Heer - bewaar ons tog!” Is dit dalk die rede waarom die rooikop houtkappertjies hulle borrelende duet vanoggend kan sing, al is daar nie ‘n enkele vruggie vir hulle om te eet in die dorre veld nie?

In gister se dagstukkie het ons dit reeds vir mekaar gesê, maar dit is nodig dat ons dit weer sê, want dit is so ontsettend belangrik. Blydskap sien ons in die natuur en dit moet ons aanspoor om dit deel van ons lewens te maak.

Die ander baie belangrike ding wat Paulus sê, en wat ons gerus maar kan herhaal, is: “Bid sonder ophou!” (vers 17). Soos die naguiltjie heelnag deur gebid het, moet ons dit deel van ons lewens maak, om te bid, heeldag deur! Maar dan vra Paulus ook in vers 25 dat die gemeente vir hom en sy medewerkers moet bid. Ja, selfs die grote Paulus het voorbidding nodig. Hoeveel te

meer elke werker in die wingerd van God, elke sendeling, leraar en evangelis. Dit is veral die mense wat bereid is om die Woord uit te dra wat nodig het om gedra te word deur ons gebed, sodat hulle krag sal hê om die wonderlike boodskap te versprei.

Wanneer ons hierdie dinge in ons lewe begin regkry, sal ons die wonderlike vrede van God begin ervaar, die vrede waarvan Paulus in sy groeteboodskap in vers 23 praat. Vrede is nie iets wat deur mense bewerkstellig word nie. Dit is God alleen wat ware vrede kan gee. Hy gee egter nie alleen vrede nie, dis veel meer. In vers 23 bid hy ook dat "God julle in elke opsig heilig sal maak; en mag julle volledig na gees, siel en liggaam, vlekkeloos bewaar word, tot ons Here Jesus Christus kom."

Paulus sluit sy brief af met die vertroostende seën: "die genade van ons Here Jesus Christus bly met julle!" of anders gestel: "Mag die liefdevolle goedheid van ons Here Jesus Christus met julle wees." Dit is dan ook my gebed vir jou, liewe leser, dat jy vandag daardie liefdevolle goedheid van Jesus sal

ervaar. Dit gaan egter slegs gebeur as jy self skouer aan die wiel sit en die dag vir jouself positief en jubelend en dankbaar maak. Die Sleutel hiervoor is Jesus!

Gebed:

Here, ek borrel vanoggend van opgewondenheid oor hierdie wonderlike dag wat vir my voorlê. Dalk gaan dit ondraaglik warm wees, maar die blote wete dat U saam met my is, is vir my genoeg om dankbaar en jubelend te wees!

# 16

# Die Soet en Suur van Evangeliebediening

## 2 Tessalonisense Inleiding

**VIDEO | OUDIO**

Dit is Septembermaand 2008. Die droogte in die Laeveld is hartverskeurend. Waar ek op my stoep sit en skryf, is die toneel voor my ‘n digte doringveld, deurspek met rooibos, knoppiesdoring, blinkblaar wag-’n-bietjie, rosyntjiebos, sekelbos en maroela. Gewoonlik kan jy nie veel verder as dertig of veertig meter sien nie, want tussen hierdie byna ondeurdringbare bos staan die gras, bossies en veldblommetjies geil. Nou kyk ek egter deur ‘n woud van kaal stamme en bome sonder blare, en jy kan elke beweginkie in die veld sien tot daar ver in die verskiet. Kaal, sonverskroeide grond vervang die eens-wuiwende grasveld.

Maar ten spyte van die knellende droogte is die veld steeds jubelend. En die voordeel is, dat jy elke siel op twee of vier pote kan sien.

Die ses- en agtpotiges is minder sigbaar. As ek my oë so oor die veld laat gaan, sien ek in byna elke oop kolletjie ‘n tarentaal. Die veld lewe letterlik van hulle. Het jy al mooi gekyk na hierdie veervolkies? Hulle lyk vir my nes waardige ou tantes met kuis, lang rokke wat toegeknoop is tot onder die ken. En hulle dra sulke koddige blou hoedjies en swart sykouse. ‘n Troppie van die opstêrs tannies skrop-skrop ’n entjie van die huis af. Ek gooi ‘n handvol mieliepitte voor die stoep. Hulle loop eers baie skugter ‘n wye draai, maar een van die kolletjieshoenders besluit dat honger swaarder weeg as gevaarlike mense, en sy hardloop reguit mielies toe. As haar maters sien dat hulle dalk gaan uitmis op hierdie feesgeleentheid, storm hulle soos een man (vrou?) op die maaltyd af, natuurlik baie luidrugtig want hierdie nasie hóú van gesels. Die kakofonie wat losbars rondom die etenstafel is 'n bostelegraaf, en oral uit die bos slaan stofstrepies op van nóg ongenooide feesgangers. Voordat jy kan sê: "Mieliepit!" wriemel dit van veertig tarentale voor my stoep. Ek kraai van pure lekkerkry!

Ja, ek wil gerieflikheidshalwe nie weet van die swaarkry van die diere nie, en die karkasse wat reeds oral lê nie. Ek wil net die mooi en die lekker raaksien. Ongelukkig moet ‘n mens soms ook die swaarkry sien en waardeer waardeur hulle gaan.

Die slim mense sê dat ‘n leraar een van die mees stresvolle beroepe het. Maar dit lyk dan na so 'n rustige ou werkie! Hy werk net Sondae, en die res van die week sit hy basies en niksdoen....... Die feit is egter dat ons dalk nie wíl weet wat sy beroep werklik behels nie! As ons byvoorbeeld gaan kyk na Paulus se lewe, dan sien ons iemand wie se toewyding aan sy roeping en taak as getuie van Jesus Christus aangrypend en besielend is, al is hy ook dikwels deur mense, veral mede-Christene, diep teleurgestel. Jy sien egter ook dat om die blye boodskap van Christus se verlossing te verkondig en te leef, Hy hoë eise stel aan elkeen wat dit doen. Ek dink elke leraar sal hiervan kan getuig, want Sondag se preek is die “lekker” deel van sy bediening. Min mense sien raak

wat agter die skerms gebeur. Die talle probleme wat hy moet probeer oplos kan aan hom vreet. Donker geheime wat mense dikwels met hom deel, mag hy met niemand anders bespreek nie, en dikwels dra hy swaarder aan daardie mens se laste as wat die gemeentelid self dra! Dit is dikwels ‘n bitter eensame lewe wat hy lei, want hy moet die front opsit van iemand wat stralend gelukkig en sonder sorge is, terwyl hy ander mense se geheime wat so verskriklik swaar op sy hart lê, met niemand mag deel nie. Dan is daar dikwels ook die talle beskuldigings wat na sy kant toe geslinger word, dikwels uit onkunde, want mense sien nie wat sy dagtaak behels nie. Maar dan, daardie wonderlike “hoog” wat hy beleef wanneer ‘n verlore siel vir Jesus as Verlosser vind. Dan is al daardie swaarkry vergete!

Inderdaad is dit nie alleen leraars wat met sulke uitdagings te kampe het nie. Elke gelowige wat sy Christenskap uitleef sal met hierdie dinge te doene kry. As ons die boek 2 Korintiërs lees, word ons as moderne,

voortsnellende mense herinner om meelewend en sensitief te wees met mekaar se omstandighede. Iemand anders se nood en behoefte moet nie net teoreties bejeën word nie maar prakties so ver moontlik opgelos word. Inderdaad het Christen-gelowiges se omgee vir mekaar ook finansiële implikasies. Christene moet elke dag se take en pligte nakom volgens die eise van die Evangelie van verlossing. Gelowiges moet leef wat hulle in Christus geword het en doen wat hulle bely. Dit vra dissipline, toewyding en lojaliteit en beslis nie onderkruipery, magsmisbruik of om mekaar te beskinder vir eie gewin nie. 'n Evangeliese lewenspraktyk vind sy drakrag in ’n toegewyde geloofsverhouding met die lewende Here. Maar gelukkig is 'n Christengelowige se lewe nie net swaarkry nie, want die mooi wat daarmee saamgaan, en die inspirerende dinge en die wonderlike beloftes wat die Woord ons bied, en die troos van die Heilige Gees en gemeenskap met ons Verlosser, Jesus maak op vir al die swaarkry.

Ek nooi jou uit om saam met my hierdie inspirerende boek van Paulus te beleef en die heerlike geloofswaarhede hierin te ontdek.

En terloops, as jy wil weet hoe 'n dominee/pastoor se lewe werklik daar uitsien, lees gerus die skets: “Dagboek van Dominee X” by: **bit.ly/bbDagboek**

Gebed:

Here, leer my asseblief om met groot deernis en empatie na my mede-gelowige te kyk!

# 17

# Vrede vir Jou

## 2 Tessalonisense 1:1,2

**VIDEO | OUDIO**

Vrede is ‘n wonderlike ding, net jammer dis deesdae so skrikwekkend skaars! Slegs in Afrika alleen heers daar op die oomblik oorlog van die een of ander aard in nie minder nie as 32 lande! Burkina Faso, Kameroen, die Sentraal-Afrikaanse Republiek, die Demokratiese Republiek van die Kongo, Ethiopië, Mali, Mosambiek, Nigerië, Senegal, Somalië, Suid-Soedan, en Soedan is maar net ‘n paar van hulle. Elders is die bloedige oorlog tussen Rusland en die Oekraïne reeds ‘n ruk aan die gang, en dan die skrikwekkende oorlog in Israel wat skaars ‘n week gelede uitgebreek het. Derduisende mense sterf daagliks in die konflik. Daar is géén vrede in die wêreld nie!

Selfs in die natuur is ware vrede ‘n immer-ontwykende versugting. Dit is laatmiddag in

Marloth Park en ek en my Mosbolletjie sit langs die Krokodilrivier en kyk hoe die son groet vir die aand. Die prentjie voor ons is die toonbeeld van rustigheid, waar die koel watertjie van die magtige rivier kuier-kuier afsuiker na Mosambiek. ‘n Reier loop lui-lui en hoop dat daar ‘n happie voor sy snawel sal verbyswem voor die nag kom. Op ‘n lappie groenigheid staan ‘n troppie rooibokkies en niksdoen. ‘n Entjie laer af in die rivier is ‘n visarend besig met aandete, ‘n blink, supervars tiervis. Die aandskemer sak oor ons toe, en ons voel tevrede, want alles is volmaak. Of is dit?

Ek wip soos ek skrik as ‘n bloedstollende, on-aardse roggel-brul uit die riete opstyg. Ek probeer sien wat dit is, maar helaas: die rietbos is te dig. Weer brul en grom en skreeu die ding, en ons wonder wat dit kan wees. Olifant is dit beslis nie, en ook nie leeu nie. Die brulle raak al hoe meer aggressief, totdat dit klink asof iemand in ‘n hewige geveg betrokke is. Tussen die ysingwekkende gille en brulle deur herken

ons die stem van 'n seekoei. Ons kom tot die slotsom dat dit twee omgesukkelde bulle is wat baklei vir die reg op 'n poel en verál sy inhoud van koeie.

Die vrede is verpletter!

Dit is pikdonker wanneer ons by die huis aankom en steeds weergalm die brulle deur die bosse. Eers nadat ons vuurtjie gesellig knetter, begin die aggressie bedaar en ons tweetjies sit rustig en vredevol op die stoep, doodmoeg van ons dag se bedrywighede. Weldra styg die heerlike aroma op van ‘n vleisie wat sis op die kole, en ek en Mosbolletjie raak besonder vreetsaam!

Die son is egter die volgende oggend skaars op, of ons vrede word weer vergruis! Nóú is dit weer die varke! Die een ou vlakvark was baie duidelik nog saam met oorl’e Oupa Noag in die ark, en hierdie ou Metusalag is van mening dat die hele bos aan hom alléén behoort! Die ander varke, tarentale en muishondjies moet net bontstaan om sy enkele gaffeltand, wat twee wêreldoorloë

oorleef het, vry te spring. Nors, afskuwelik-lelik en skoorsoekerig is hy, en van vrede is daar nie ‘n sweempie sigbaar nie!

Te midde van hierdie geweld lees ek Paulus se verkwikkende seënbede aan die begin van die tweede brief wat hy vir die gemeente in Tessalonika skryf: “**Genade vir julle en vrede van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus.**” Is dit nie die mooiste woorde wat jy enigeen kan toewens nie? Hy wens hulle die onverdiende goedheid en vrede van God toe! Maar waarom kan hy vir die Tessalonisense sulke vrede toewens? In die vorige versie is die antwoord: Hulle behoort aan God ons Vader en die Here Jesus Christus. Dit is die sleutel tot alle vrede! Daar is slegs één ding in die ganse lewe wat ware vrede kan bring, en dit is kindskap van God. Daarsonder is vrede totaal onmoontlik! Ja, die duiwel kan wel die valse illusie skep van vrede, maar dit is net ‘n kors. Onder daardie illusie broei duiwelse on-vrede.

Wat maak Goddelike vrede so uniek?

Wêreldse vrede word gehandhaaf deur geweld. Daar moet ‘n streng polisiemag en weermag wees wat vrede afdwing, anders ruk alles handuit! Daar moet streng wette wees wat nagekom moet word, en strafmaatreëls as iemand daarvan afwyk. Daarsonder is daar chaos! Wat behels Goddelike vrede? Een woordjie: Liefde! In die eerste plek is daar God se onpeilbare liefde vir Sy kinders, liefde wat propvol genade is en wat onvoorwaardelik vergewe. God dwing nie Sy wil af op Sy kinders deur wette en strafmaatreëls nie. Sy liefde is egter só groot, dat ons nie anders kan as om ook daardie liefde uit te leef nie, asook om Sy voorskrifte te gehoorsaam nie!

Die vraag is: wat behels daardie liefde? In 1 Kor. 13 verduidelik Paulus: Dit is geduldig, vriendelik, verdraagsaam, onbaatsugtig, vergewensgesind en nog baie ander mooi dinge. As almal daardie eienskappe sou uitleef, sou die wêreld ‘n wonderlike, vredevolle plek gewees het. Die asemrowende is egter ook waar, dat

wanneer ek en jy as gelowiges hierdie liefde uitleef, bewerkstellig ons nie alleen vrede tussen ons en diegene met wie ons te doen kry nie, maar dan ontdek ons terselfdertyd ook die wonderlike, allesomhelsende vrede wat God ons gee. Soek vrede - God se vrede - met alles wat jy in jou het en God sal dit tienvoudig vir jou gee, ver, ver bo al jou verwagtinge in!

Gebed:

Here, ek soek U vrede - lei my asseblief om U liefde uit te leef met my hele hart en verstand en kragte, sodat ek U volle vrede kan smaak!

# 18

# 'n Kersie in die Donker

## 2 Tessalonisense 1:3-12

**VIDEO | OUDIO**

Die son trek sy laaste strale tussen die sekelbosse in en die nag kom gooi ‘n pikswart kombers oor die Laeveld. Skielik is dit nag. Pikdonker, steenkoolswart, hartomklemmend nag. Die maan kom eers laatnag op en daar is nêrens die vaagste sweempie van ‘n ou liggie nie, net die duistere, onheilspellende bos. ‘n Leeu brul. Nog ‘n leeu val in saam met sy maat. En dan val die hele trop in uit volle bors sodat die vensters amper ratel! Daar’s nie krag nie en ons ou flikkerende kersie beur teen die nag se swart, maar sy powere liggie kom nie veel verder as die stoep se rand nie.

Iewers in die onheilspellende bosse kerm 'n hiëna: "Hoeeep, hoeeeep!" Sy onaardse krete weerklink tussen die doringtakke deur. 'n Naguiltjie sing onheilspellend: "Maak dood

die wewenaar!" Ek pak haastig nog ekstra hout op die vuur en sy knetterende vlamme bring 'n bietjie gerusstelling in my hart. Die leeus begin weer brul - hierdie slag baie nader en my hart mis 'n paar slae. Skaars 'n halwe kilometer van die huis af het die leeus een nag 'n man verskeur en opgevreet. 'n Koue rilling gaan deur my lyf! Hoe verskriklik! Ja, hy wás wel 'n man van die nag en die goed wat hy daardie nag gesteel het, het naby sy oorblyfsels gelê. Maar hy was steeds 'n mens, een met 'n siel soos myne én vrese en sekerlik ook hoop.

'n Takkie kraak - ek skrik my boeglam, en ek gryp na die flitslig: drie koedoes staan hier vlakby ons. Weereens weergalm die leeus se brulle. En dan is dit stil, onheilspellend stil. En donker..... pikdonker!

“Kyk!” hoor ek Mosbolletjie sug. Deur die vaal boomgeraamtes steek die maan haar kop oor die horison. Met groot afwagting kyk ons hoe sy haar rustig oplig uit die grypende vingers van die doringbome, totdat sy skitterwit in die lug hang, verhewe bo die

duistere dinge van die bos. Met verligting sien ons hoedat die wêreld om ons oopvou in die helder strale van die maan. Die duisternis is oorwin!

In ‘n sekere sin is vervolging en lyding dieselfde as so ‘n skrikwekkende duisternis. Soms voel dit vir jou soos ‘n pikdonker mag waarteen jy baklei, maar jy kom net nêrens nie, want die oormag is net eenvoudig té groot. Jy probeer jou ou kersie skyn in die donker, maar sy liggie kom nie veel verder as net hier naby jou nie. As jy om jou kyk, en die sonde van korrupsie, moord, rooftogte, kapings en verkragting sien, dan voel dit asof jy teen ‘n verskriklike oormag veg. Wat help dit tog om nog te probeer? Help dit ooit om nog jou kersie te laat skyn? Maak dit ooit énige verskil? Kan een enkele ou liggie in die oormag duisternis énigiets verander?

Ek het al vergeet hoeveel lig ‘n eenvoudige ou kersie kan maak. Op die stoep is daar net twee doodgewone kersies, en al verlig hulle nou nie juis die bos daar buite nie, is hier ‘n helder ligglans op die stoep - oorgenoeg vir

ons behoeftes. Iemand stuur ‘n rukkie gelede vir my ‘n reeks foto’s wat uit die ruimte geneem is van die wêreld in die nag. Dit is absoluut ongelooflik om te sien hoedat die groot stede as helder ligkolle uitstaan in die donker. Baie liggies saam maak ‘n reuse verskil! As elke gelowige maar net sy geloofskersie wil laat skyn, sal ‘n helder glans van geloof die wêreld verlig!

Paulus skryf juis aan die gemeente in Tessalonika dat hy baie trots is op hulle omdat hulle só te midde van al die vervolging wat hulle moet verduur, steeds aanhou om hulle geloofslig uit te straal. Hy dank God omdat hulle volhard en omdat hulle liefde vir mekaar net groter en groter word. As ons soms moedeloos raak oor al die onreg rondom ons, moet ons Paulus se woorde aan die Tessalonisense onthou: “Dit is 'n bewys van die regverdige oordeel van God dat julle waardig geag word vir die koninkryk van God, ter wille waarvan julle ook ly (vers 5). Ja, die wiel draai - dalk stadig, maar draai, draai hy!

Soos wat maanlig die duisternis sagmaak, so sien ons ook hoedat onreg dikwels op die lappe kom, en die misdadigers swaar gestraf word. Natuurlik is dit nie eers naastenby genoeg om alle onreg uit te wis nie. Maar die helder son van God se oordeelsdag gaan eendag opkom. Dan sal elke skaduweetjie van duisternis uitgewis word. Hoe verskriklik gaan die oordeel nie wees oor diegene wat volhard het in hulle sonde nie - diegene wat botweg geweier het om God se genade-aanbod te aanvaar. Maar hoe heerlik sal dit wees vir elke gelowige - die wonderlike wete dat alle ongeregtigheid finaal en totaal uitgewis is!

Die nag het gekom, en die nag het gegaan - ‘n splinternuwe dag het aangebreek. Die skoonheid van die bos is verruklik: ‘n witpensspreeu met sy spierwit hemp en glimmende pers baadjie, twee rooikop houtkappertjies met hulle vlammende rooi serpe sing ’n duet, ’n troppie tarentale, ’n koddige geelbek lyster, en selfs ‘n duikertjie – ag, almal is hier om die skitterhelder dag te

vier! Die Here is groot en goed en wonderlik! Dankie Here!

Gebed:

Here, dankie dat U die lig in my lewe is. Gee my asseblief krag om my kersie te laat brand in alle omstandighede, tot eer en verheerliking van U wonderbare Naam!

# 19

# Beloftes van Reën

## 2 Tessalonisense 2:1-12

**VIDEO | OUDIO**

Die uitmergelende droogte duur voort. Die dorre aarde hyg, smagtend na ‘n druppeltjie reën. Genadeloos bak die felle son elke greintjie lewe uit alles waarin daar lewenssap vloei. Rooibokramme, eens trotse sultanne met bekoorlike harems, nou lustelose wandelende geraamtes wat doelloos rondstrompel op soek na iets groen wat nie is nie. Waar daar slegs enkele maande gelede nog veldblommetjies vrolik gelag het, is nou net die barre rooi grond, leweloos en uitgebak. As die rooibok sleepvoet voortwaggel, slaan die stoffies op waar sy moeë pote slof-slof.

‘n Paar vlakvarke ploeg die harde rooi grond om met hulle taai snoete. Iewers daar onder moet ‘n wortel of iets wees wat eetbaar is. Klippe word uitgehaak met groot, krom

slagtande. Af-en-toe hap hy iets denkbeeldig. Maar die humeure is bitter kort. Dit kos net ‘n skewe kyk om ‘n vark woedend na sy maatjie toe te laat gaffel met daardie dodelike wapens. As die maat hom durf wip, breek daar ‘n verwoede geveg los, en in ‘n wolk stof word die swakker een gejaag totdat hy uit die gesigsveld verdwyn.

‘n Koedoe kom bedel vir kos. “Daar is niks in die veld om te eet nie,” sê haar droewige oë. “Hoe moet ek oorleef?” Op die stoep staan ‘n groot pot pap. Hieruit het die duikertjie, die bosbokooitjie, die varke en die tarentale al daaglikse rantsoene gekry. Ek tel die deksel op en sy staan nader. Sy hap-hap al na die pap terwyl dit nog op die houtlepel is, en skaars land dit op die grond of dit verdwyn in haar honger keelgat af. Twee jong vlakvarkies trippel nader vir hulle deel. Een sê ‘n paar lelike woorde vir die koedoe wat so gulsig alles opslurp, en die koedoe vererg haar. Die volgende oomblik weerklink daar ‘n oorverdowende blaf-brul en die varkies skarrel verskrik weg, maar hulle skuifel

sommer dadelik weer nader. Mevrou Koedoe gluur hulle met vlammende oë aan. Die een klein japsnoet kom snork-snork soos ‘n klein jack russell in haar gesig. Wéér brul die koedoe, en draai dan om. Sy sien die houtlepel op die pappot lê, gryp dit behendig met haar rasper-tong en begin kou dat die splinters spat!

Almal is honger!

Die afgelope paar dae was kraaiegaap-warm. Kort-kort bou daar ‘n paar belowende wolkies in die lug op, om maar net weer deur die gloeiende son verdamp te word. Toe dit teen die Woensdag dig toetrek wou ek jubel, maar helaas: teen die tyd dat die maan opkom, was die hemel alweer sterbelaai - nie ‘n wolkie in sig nie.

Die nuwe dag begin soos enige ander bosveldoggend: propvol belofte van nog ’n snikhete, kurkdroë dag. Tóg is daar iets anders - iets vol verwagting. Die hitte raak drukkend en ondraaglik. En dan merk ek dit: ‘n vae donkerheid wat ons bekruip. Ek stap

om die huis, ‘n pikswart wolkbank borrel en kook in die suide. ‘n Vae rammeling is musiek vir my ore. Binne-in my jubel dit! Moontlik, net dalk miskien gaan dit vandag reën!

Swart-grys dreun die wolke oor ons heen, rammelend en blitsend. ‘n Belofte van die geopende sluise van die hemel drup-drup in die poeierstof. Terwyl die aarde skud en bewe as magtige elektriese ontladings die lug om die strale laat ontplof, begin die reën saggies neersif. Die heerlike geur van reëndruppels wat die stof benat, vul die lug. Ek trek my longe diep vol om elke greintjie te proe. Salig!

Maar helaas: die storm rammel voort, verby, tot dáár diep in die Kruger Wildtuin, sonder dat die hemelpoorte vir ons oopgaan. Vir ‘n lang ruk hou die reëndruppeltjies so aan om saggies te val, en dit benat die verstikkende stoflaag sodat die veld heerlik vars ruik.

Daar is ‘n blydskap in die lug, al het dit nie werklik gereën nie. Die voëltjies kwetter vrolik, en dit lyk sommer of daar nuwe lewe,

nuwe hoop in die veld is. ‘n Familie kakelaars speel luidrugtig wegkruipertjie in die gate van ‘n hol knoppiesdoring se stam. Dit lag en skerts en koggel en lawaai dat hoor en sien vergaan. Wie weet, môre, dalk oormôre kom die groot reën.....

Paulus kom nou by die eintlike saak waaroor hy wou skryf: Jesus se wederkoms. By baie gelowiges is daar ‘n groot verwagting oor die terugkeer van Jesus. Soos die dorre aarde smagtend is na reën, so smag die skepping daarna dat Jesus sal kom, want alles begin net te veel raak vir baie gelowiges. Die verskriklike geweld, oorloë, onreg, moord, verkragtings, klimaatsverandering - alles maak dat ons wil pleit: “Kom Here Jesus, kom gou!” En dan sien ons die tekens van die tye, soos wat dit in Openbaring beskryf is, soos donderwolke, propvol belofte van reën. Maar hierdie is nog nie die einde nie. Dit is net die troos om te sê dat ons moet moedhou, en dat dit baie, baie naby is!

Ons moenie toelaat dat hierdie tekens ons bangmaak of onderkry nie. Soos die bokkies

huppel en uitgelate rondhardloop wanneer die wolke opkom, so moet die tekens ook ons as gelowiges opgewonde maak en vul met blydskap, want dit is deel van die groot belofte.

Gebed:

Here Jesus, my hele wese smag daarna dat U baie gou sal kom. Die hele skepping staan reeds in afwagting!

# 20

# Die Antichris

## 2 Tessalonisense 2:1-12

**VIDEO | OUDIO**

Uiteindelik het die langverwagte reën gekom. Dit was nét die volgende dag toe die storm teen laatmiddag begin opsteek. Die hele dag lank was daar ‘n onheilspellende, drukkende stilte. Iets was aan die broei! Toe, laatmiddag begin die weerligte te blits oor die Lebomboberge anderkant Komatipoort. Sonder waarskuwing kom die wind skielik op in vlae. Verstikkende stof en droë blare en takkies warrel. Dan plof die eerste groot druppels neer in die kurkdroë stof. Binne minute kom dit af in emmersvol. Die oorvloed verkwikkende reën les die dors van die dorre aarde. Ek bid dankbaar: “Dankie, dankie Here, U is getrou!” Nou kan almal lewe!

Binne een enkele week is die ganse dorre laeveld bedek met 'n donsige grasgroen tapyt van splinternuwe plante.

In Paulus se eerste brief aan die gemeente in Tessalonika, het hy vir hulle vertel van Jesus se wederkoms. Die mense was so opgewonde daaroor dat hulle eintlik oorreageer het, en in elke ding die tekens gesien het dat Jesus dalk sommer net die volgende dag kon kom. Ja, natúúrlik is dit goed om ‘n lewendige toekomsverwagting te hê maar ons moet versigtig wees dat dit nie ons ganse lewe oorheers nie. Daar moet ook ‘n gesonde balans in jou lewe wees. Ons moet nie só hemelsgebonde wees dat ons geen aardse nut het nie! Dit is om hierdie rede dat Paulus in sy tweede brief vir die gemeente skryf dat hulle dit rustig moet vat en tot bedaring kom oor hierdie aangeleentheid. Hy probeer om vir hulle ‘n bietjie nuwe perspektief te gee op die saak. Paulus probeer nie om die tekens van die tye uit te spel vir die gemeente nie, maar hy sê bloot dat hulle verkeerd is om Jesus se wederkoms te verwag voordat die groot afvalligheid plaasgevind het.

Waaroor gaan hierdie “groot afvalligheid”?

Paulus praat hier van die “wettelose mens” wat sy verskyning sal maak. Dit is natuurlik dieselfde as die “antichris” waarvan Johannes skryf in Openbaring. Deur die eeue was daar al verskeie “antichriste” wat absoluut uitgestaan het (vergelyk 1 Joh. 2:18). Om die waarheid te sê, het feitlik elke geslag oor die afgelope 2000 jaar sy baie prominente antichriste gehad. Hierdie mense is teenstanders van Christus, en is die verpersoonliking van die bose. In Paulus se tyd was daar ‘n aantal keisers wat duidelik in hierdie kategorie geval het, en dit was veral die wrede Nero wat soos ‘n seer duim uitgestaan het. Die lewe van ‘n Christen was vir hom absoluut niks werd nie, en hy het hulle by die dosyne laat verbrand deur teer aan hulle te smeer om as straatligte te dien, tot groot vermaak van die Romeine. Dit is nou dié wat die leeus en gladiators vrygespring het. Hitler was ook geklassifiseer as “Die Antichris”, en so van die Russiese en Chinese Kommunistiese leiers wat Christene in hulle land wreed vervolg het.

En vandag? Wag, ek wil liewer nie name noem nie! Wie is ek in elkgeval om te oordeel? Ons moet baie versigtig wees om nie sommer die antichris-etiket om enigeen wat in jou oë boos is se nek te hang nie. En dan boonop op grond van daardie persoon se optrede te probeer voorspel wanneer Jesus se wederkoms is!

Wat moet ons weet van hierdie "wettelose mens" waarvan Paulus skryf? In die eerste plek weet ons dat hy vir die verderf bestem is, en dat hy dié antichris is. Ons weet ook dat hy die opperste verleier is. Gelowiges hoef egter nie oor hom beangs te wees nie, want volgens 2 Tes. 2:10 mislei hy dié wat verlore gaan, omdat hulle nie Jesus aanvaar het nie. Ons kan dus verstaan uit hierdie gedeelte dat die antichris die mense wat nie Jesus as Verlosser wou erken en aanvaar nie, nog verder in die verderf inlei en hulle misbruik vir sy bose plan van wêreldoorheersing deur die bose.

"Maar God sal dit mos nie toelaat dat onskuldige mense so verlore gaan nie?" wil

ons uitroep. “Wat dan van al die mense wat nooit van die Evangelie gehoor het nie?” In Markus 13:10 sê Jesus dat die ganse wêreld eers die Evangelie sal hoor voordat Hy kom. Met ander woorde, die wettelose mens sal eers sigbaar verskyn wanneer daar klaar gepreek is, wanneer die Evangelie oral verkondig is. Eers dán sal Christus die wettelose mens toelaat om oor te neem. Hierdie antichris sal homself voordoen as God, met groot magsvertoon en wondertekens. Maar dit sal net sy laaste stuiptrekkings wees want die dag wanneer Jesus verskyn, sal die antichris saam met Satan en al die ongelowiges deur God se oordeel uitgedelg word!

Die tyd van Jesus se wederkoms was nog nooit in die geskiedenis so naby as juis nóú nie. Al die tekens is reeds daar. Die Evangelie is reeds oor die ganse aarde verkondig, en met die tegnologie-ontploffing van die afgelope paar jaar, waar die Evangelie deur radio, TV, internet en selfoon feitlik by elke huis kan kom, is al die

profesieë besig om voor ons oë te ontplooi. Die vraag wat jy jouself vanoggend moet vra is: "**Is ek gereed?**" Talle mense het my oor die afgelope klompie jare gevra vir hulp om by Jesus uit te kom. Waarvoor wag jy?

Gebed:

Here, dankie dat ons kan uitsien met groot verlange na U wederkoms. Hou ons asseblief paraat!

# 21

# Dankie dat jy Deel is

## 2 Tessalonisense 2:13-3:5

**VIDEO** | **OUDIO**

Gelowiges het mekaar nodig! Ons versterk mekaar en gee mekaar moed vir die lewe. Nog een laaste bosstorie voordat ons afsluit met Tessalonisense.

Ek sit droomverlore op die stoep in die bos nadat die reën die aarde verkwik het. Die veld het ‘n groen skynsel, maar dit gaan nog weke wees voordat daar weer genoeg kos sal wees vir die diere. Die sagte tjoer-tjoer van gebande muishondjies laat my opgewonde regop sit. In 'n sekere sin is hulle vir my ‘n verpersoonliking van gelowiges. Luidrugtig daag die voorlopers op om te sien of daar iets te ete is. Dan word die boodskap wyd en syd verkondig. Soos blits storm die res van die trop uit die bos uit en dan kekkel en babbel en tjirp almal deurmekaar. Hulle ontdek ‘n stuk ou gemufte brood en dan gryp

elkeen ‘n stukkie en hardloop ‘n ent weg om dit in vrede te gaan eet. Maar van vrede is daar nie juis baie sprake nie, want dis ‘n gestry oor wie die grootste en sappigste stukkie brood gaan kry!

Wanneer die brood op is, is die klomp steeds honger. Een outjie klouter in die boom voor die stoep en haal behendig die appel wat vir die voëls bedoel was af. Hierdie kleinood is goud werd en hy hardloop dat die klippertjies so spat, tot waar niemand hom sal pla nie. Baie gou kom ek agter dat elkeen van hierdie fassinerende diertjies sy eie persoonlikheid het. Die een soek skoor met almal, terwyl ‘n ander vredeliewend is. Sommige is baie braaf, terwyl ander weer skugter is en by die vaagste ou beweginkie sal weghardloop.

As die kos op is, begin hulle naarstigtelik soek vir goggatjies onder die bome. Haas g’n enkele klippie en stoffie word ongeroer gelaat nie. En dan is hulle skielik moeg. Een outjie gaan lê plat op sy pens, pote uitgestrek na alle kante. Nie lank nie of hy kry ‘n maatjie, en uiteindelik lê die hele lot in ‘n bondel en

slaap. Hulle koer-koer bemoedigend in mekaar se ore, en van daardie strydende, skarrelende geroesemoes van so flussies is daar g'n sprake nie. Dis hóóg-vrede!

In 'n sekere sin is gelowiges baie soos hierdie muishondjies. Net soos wat 'n enkele muishondjie nie op sy eie kan bestaan nie, so kan 'n gelowige ook nie op sy eie bestaan nie. Natuurlik word 'n mens se geloof gebou deur jou persoonlike verhouding met God. Maar dit is juis jou interaksie met ander gelowiges wat hierdie geloof lewe gee en wat dit laat groei. Iemand vertel my dat sy jare laas in die kerk was. Sy voel asof sy in 'n donker gat beland het en dat sy nou geestelik moeg en tam is. Die ergste is egter dat sy hoop verloor het en absoluut geen geloofsekerheid het nie. Dis wat gebeur met jou as jy nie ander gelowiges rondom jou het om jou te bemoedig en te versterk nie.

Ek kan maar net getuig van wat dit vir my persoonlik beteken om my gedagtes elke oggend te kan deel met jou. Dit voel vir my asof daar 'n skare van gelowiges rondom my

staan en my versterk en bemoedig. Die boodskappies - dikwels net ‘n enkele ou lyntjie - wat ek daagliks kry, net om te sê dat die dagstukkie iets vir hulle beteken het, bevestig dit dat ek so wonderlik bevoorreg is om ‘n groot skare gelowiges te hê wat vir my omgee. En al ken ek slegs enkeles, is die omgee steeds daar.

Paulus skryf dat hy dankbaar is teenoor die Here vir die gelowiges in Tessalonika. Vandag moet ek onomwonde dit ook uitbasuin dat ek dankbaar is teenoor die Here vir jou, liewe leser, liewe luisteraar. Die Here het jou lief! Maar dit is baie belangrik om te weet dat jy nodig is en deel is van God se Koninkryk. In ‘n Koninkryk het elkeen ‘n taak om te verrig, party groot take en ander kleintjies. Elkeen se taak is egter belangrik, hoe gering ookal. Nie alleen tree jy op in belang van die Koninkryk nie, maar jy word sélf versterk daardeur. As ek weereens myself kan gebruik as voorbeeld: vandat ek met baie wankelende treetjies begin het om dagstukkies te skryf, het daar ‘n geestelike

ontploffing in my lewe gekom. Deur met ander mense te deel wat ek geestelik beleef, groei ek sélf ook geestelik.

Dit beteken nie dat elkeen moet skryf of preek nie! Deur te doen wat die Here jou vra om te doen, word jy deel van daardie Koninklike weermag. Deur liefde en vriendelikheid uit te straal, selfs sonder woorde, volvoer jy alreeds ‘n reuse taak want daardeur weerkaats jy God se liefde. Terselfdertyd doen dit ook wondere vir jouself, want skielik is jou lewe positief en doelgerig. Deur vir iemand te bid, dra jy nie alleen daardie persoon in gebed nie, maar versterk jy ook jou eie geloof.

‘n Eenvoudige geloofsdaad kan dikwels wondere verrig. Verskeie mense het deur die jare vir my adresse gestuur van mense wat ook dalk die dagstukkies sal wil ontvang. Ek kry dikwels briewe van sulke nuwe ontvangers wat sê: “Ek weet nie wie my adres vir jou gegee het nie, maar ek is daardie persoon ewig dankbaar......” Ek kon ook die evangelieboodskap met verskeie

mense deel. Sonder jou is my arbeid vrugteloos. Ek is God ewig dankbaar vir jou, want jy is ‘n onmisbare skakel in die geloofsketting!

Gebed:

Here, dankie vir elke ontvanger van hierdie dagstukkie. Dankie vir die wonderlike versterking wat U my hierdeur gee, en vir die onbeskryflike voorreg om so in diens van U Koninkryk te mag staan!

# 22

# Harde Werk en Leeglêers

# 2 Tessalonisense 3:6-18

**VIDEO | OUDIO**

Ons sluit vandag die reeks oor Paulus se briewe aan die Tessalonisense af, met Paulus se opdrag om hard te werk. Dit was nie om dowe neute dat Paulus so 'n ding geskryf het nie: Party van die gelowiges in Tessalonika het van die standpunt uitgegaan dat, aangesien Jesus se wederkoms enige dag kon plaasvind, dit nodig was dat al die gelowiges hulle werk moes los. Boonop kon hulle maar al hulle verantwoordelikhede eenkant toe skuif. Toekomsbeplanning was mos nou totaal oorbodig. Al wat hulle moes doen was om passief te wag dat Jesus se wederkoms moes plaasvind! Hulle het letterlik vir die wolke sit en kyk in afwagting op Jesus se koms!

"**Ledigheid is die duiwel se oorkussing!**" So lui die bekende spreekwoord, en dit is juis

hiér waar die papaja die waaier se lem tref, want in plaas daarvan dat hulle op Jesus gekonsentreer het, het hierdie leeglêers net ‘n oorlas van hulleself gemaak. Hulle het hulle met ander mense se sake bemoei, en hulle het ‘n las vir die gemeente begin word omdat hulle nie meer in hulle eie behoeftes kon voorsien nie. Ander gelowiges en familielede moes vir hulle sorg!

Ek dink nou terug aan ‘n besoekie, jare gelede, op die plaas van ‘n ou Fransman, Charlie de Charmois. Hy was ‘n jong man toe hy uit Mauritius in die land aangekom het en as ‘n arbeider op ‘n suikerplaas begin werk het. Deur bloedsweet het hy uiteindelik sy eie plasie gekoop. Toe ek hom ontmoet het, was ou Charlie al in sy tagtigs en hy het nie die einde van sy skatte geken nie. Sy plase het van horison tot horison gestrek. Wat my egter opgeval het, was dat hy my baie opgewonde gewys het waar hy tóé ‘n boord baie spesiale bome aangeplant het. Hy sou hierdie bome binne twintig jaar die wonderlikste vrugte sien dra. Natuurlik sou ou Charlie teen daardie tyd

láánkal kissies wees, maar hy was steeds opgewonde oor sy beplanning. Charlie het elke dag voluit gelewe asof hy vir nóg tagtig jaar sou leef!

Die geheim is om te beplan asof jy 120 jaar oud gaan word, en so te lewe asof jy môre gaan sterf.

Paulus het nie doekies omgedraai oor die leeglêers nie. Op gesag van Christus gebied hy hulle om moue op te rol en hulle eie brood te verdien. Om met ‘n Jesus-verwagting te leef, beteken júis dat jy jou lewe inrig soos wat Jesus dit wil hê. Dat jy skouer aan die wiel sit en nie laat slaplê nie en ook nie moeg word om goed te doen aan ander nie. Dit is ook die manier wat jy jou werk behoort te benader, sodat dit wys dat jy waarlik aan Jesus behoort.

Die vraag wat dadelik by ons opkom, is of dit dan verkeerd is om vakansie te hou of om te ontspan. Die feit is dat daar ‘n baie groot verskil is tussen ontspanning en om leeg te lê. Ontspanning is om te rus, en dit is veral in

ons gejaagde samelewing ‘n uiters noodsaaklike ding om balans in jou lewe te bring. ‘n Mens kan egter net ontspan as jy alreeds hard gewerk het. Dit is jou verantwoordelikheid om jou tyd en jou vermoëns so goed moontlik te benut om voorsiening te maak vir jouself sowel as diégene wat van jou afhanklik is.

Natuurlik is daar vandag die bittere kwessie van werkloosheid. ‘n Mens kan tog nie werk as jy nie werk kan kry nie. Ongelukkig is daar mense wat skuil agter die werkloosheid-kwessie, en baie hard bid dat hulle tog nóóit sal werk kry nie!

Die ander saak wat Paulus noem, wat gepaardgaan met leeglêery, is diegene wat hulle met ander se sake bemoei. Dit is niks anders nie as om te skinder! Dis lekker as jy oor “geklassifiseerde inligting” beskik, en jy kan dit met groot smaak met ander deel. Dis opwindend, en laat jou belangrik voel. Skinderstories breek egter mense af en kan baie skade berokken. As jy jou met sulke dinge besig hou, beteken dit dikwels dat jy te

veel vrye tyd op hande het! Gebruik liewers daardie tyd positief om Koninkrykswerk te doen! Pak dan daardie taak met ywer en volle oorgawe aan.

Hoe hanteer ons leeglêers? Paulus sê: “**wie nie werk nie sal nie eet nie**”. Natuurlik moet jy armes help, maar ons moet baie versigtig wees dat ons nie leeglêers in hulle kwaad sterk nie. En met leeglêers bedoel ek iemand wat net te lui is om te werk. Luiheid mag nooit beloon word nie! Ongelukkig is dit dikwels baie moeilik om te onderskei tussen luiheid en ware nood. Is die bedelaar werklik iemand met nood, of bedel hy bloot omdat hy te lui is om te werk? Hiervoor moet ons altyd biddend ‘n besluit neem.

Ek wil hierdie kort reeks afsluit met Paulus se woorde: “**Mag die Here van vrede self, te alle tye en op elke manier, vir julle vrede gee. Die Here bly met julle almal**!” (Vers 16). Maak hierdie seënwens jou eie.

Gebed:

Maak my asseblief vandag bereid om hard te werk, Here, en bewaar my daarvan, dat ek nie sal skinder nie!

As hierdie boek vir jou van waarde was, oorweeg dan asseblief 'n donasie deur hierdie ZAPPER QR kode te gebruik.

Deel van die donasie gaan vir Bybelverspreiding.

MOSBOLLETJIE BOEKE